

**DIE IMPLIKASIE VAN 'N MINIMUMLOON VASSTELLING VIR DIE
LANDBOUSEKTOR IN DIE NOORDWES-PROVINSIE**

LINDA GRIMBEEK

B.A., Hons. B.A.

Studieleier: Dr. H.M. Linde

2006

Potchefstroom

**DIE IMPLIKASIE VAN 'N MINIMUMLOON- EN SEKTORALE
VASSTELLING VIR DIE LANDBOUSEKTOR IN DIE
NOORDWES-PROVINSIE**

Finansiële bystand deur Agri Noordwes verleen vir hierdie navorsing word erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan Agri Noordwes toegeskryf word nie.

DANKBETUIGINGS

Ek betuig graag my dank aan my Hemelse Vader sonder Wie se genade en daaglikse onderskraging ek tot niks in staat is nie.

Ook aan my wonderlike man, Douw, wat bereid was om met soveel liefde en geduld groot opofferings ter wille van hierdie studie te maak, baie dankie!

Baie dankie aan Ma Daisy wat nog altyd in my geglo het en vir Morné, Elmarise, Sunette, Doléne, familie, vriende en kollegas vir al die belangstelling, hulp, liefde en aanmoediging wat ek ontvang het.

Aan Dr. Herman Linde baie dankie vir die tyd en moeite wat u aan die voorbereiding van hierdie verhandeling spandeer het.

ABSTRACT

Title: The implications of a minimum wage and sectoral determination in the agricultural sector of the North-West province.

Poverty is a significant world wide issue. Although literature on the impact of a minimum wage in the agricultural sector is rather limited, previous empirical research shows that employment was reduced with the implementation of a minimum wage.

The following questions are studied:

- Does the implementation of a minimum wage have any effect on employment in the agricultural sector of the North-West province?
- Is there any relation between poverty and unemployment?
- Does the implementation of a minimum wage and sectoral determination have any impact on social-economic issues.

The empirical study is carried out by way of a questionnaire from which responses are investigated. A random sample was used to evaluate the effect of a minimum wage on employment and social-economic factors in the North-West province. The target population includes all the affiliated members of Agri North-West. This group is negative about labour laws and experiences that the implementation of a minimum wage has a negative effect on employment.

The agricultural sector provides many job opportunities in South Africa. Seeing that a minimum wage has a negative impact on employment in the North-West province, further research is recommended.

Key words: Minimum wage, sectoral determination, natura, Labour Relations Act, Marx, von Bertalanfy, globalisation, per capita, social-economic aspects, poverty, unemployment, agricultural sector

INHOUD

	Bladsy
LYS VAN FIGURE	v
LYS VAN TABELLE	viii
BYLAE	ix
SKEMATIESE VOORSTELLING VAN STUDIE	x
 HOOFSTUK 1	 1
1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING	2
1.1 INLEIDING	2
 1.2 PROBLEEMSTELLING	 10
1.2.1 Die bekostigbaarheid van minimum lone vir die landbousektor.	10
1.2.2 Sukses van 'n tweevlak-loonstelsel	12
1.2.3 Nuwe toetreders tot die arbeidsmark	13
1.2.4 Invloed van meganisasie	13
1.2.5 Voorsiening vir stukwerk en seisoenwerk	14
1.2.6 Die bepaling van die % natura vergoeding.....	15
1.2.7 Die invloed van 'n minimumloon op mededingendheid en op werkloosheid	16
1.2.8 Vergelyking tussen lewensomstandighede van plaaswerkers en werkers in ander sektore	18
1.2.9 Gevolgtrekking uit probleemstelling	20
 1.3 DOEL VAN ONDERSOEK	 20
1.3.1 Primêre doelstelling.....	20
1.3.2 Sekondêre doelstelling	20
 1.4 METODE VAN ONDERSOEK	 21

INHOUD (VERVOLG)

	Bladys
1.5 OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE	22
1.5.1 Arbeidsverhoudinge	22
1.5.2 Plaaswerker	22
1.5.3 Dienskontrak	22
1.5.4 Minimumloon.....	22
1.5.5 Sektorale vasstelling	23
1.5.6 Boerderybestuur.....	23
1.5.7 Globalisering	23
1.5.8 Natura	23
1.5.9 Per capita.....	23
 1.6 INHOUDSONTPLOOIING	 24
 HOOFSTUK 2.....	 25
 2. TEORIE EN VERWANTE PERSPEKTIEWE OOR ARMOEDE.....	 26
 2.1 INLEIDING	 26
2.1.1 Omskrywing van armoede	26
2.1.2 Faktore wat aanleiding gee tot armoede	29
 2.2 Tipes Armoede	 32
2.2.1 Absolute armoede	32
2.2.2 Relatiewe armoede	32
2.2.3 Basiese behoeftes.....	33
 2.3 PERSPEKTIEWE OMTRENT ARMOEDE.....	 35
2.3.1 Individualistiese benadering	35
2.3.2 Kulturele benadering	36
2.3.3 Marxistiese benadering	38
2.3.4 Strukturele benadering	40

INHOUD (VERVOLG)

2.4.	BIOGRAFIE VAN LUDWIG VON BERTALANFFY	40
2.5	DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE	42
2.5.1	Inleiding tot sisteme	42
2.5.2	Omskrywing van die Algemene Sisteemteorie	45
2.5.3	Toepassings van die Algemene Sisteemteorie in die verligting van armoede	46
2.6	MENSLIKE-ONTWIKKELING	50
2.7	GEVOLGTREKKING	54
HOOFSTUK 3		56
3.	DIE INVLOED VAN 'N MINIMUMLOON OP WERKLOOSHEID, ARMOEDE EN ANDER SOSIO-EKONOMIESE ASPEKTE	57
3.1	INLEIDING	57
3.2	SOSIO-EKONOMIESE ASPEKTE	58
3.2.1	Werkloosheid	58
3.2.2	Gestremdheid	65
3.2.3	Bejaardesorg	66
3.2.4	Misdaad	66
3.2.5	Kindersorg	67
3.2.6	Mortaliteit	67
3.2.7	Wanvoeding	68
3.2.8	Gesondheidsorg	70
3.2.9	MIV/VIGS	72
3.2.10	Welsyn en Sosiale Sekuriteit	74
3.2.11	Oorbevolking	75
3.2.12	Huisvesting	77

INHOUD (VERVOLG)

3.2.13	Onderwys En Opleiding	78
3.2.14	Lewenskwaliteit	80
3.3	VOLHOUBARE ONTWIKKELING.....	81
3.3.1	Volhoubare Landbou	84
3.4	WELSTAND.....	85
3.5	DIE STAAT EN ONTWIKKELING	86
3.6	LANDBOU EN ONTWIKKELING	86
3.7	GEVOLGTREKKING	88
HOOFSTUK 4.....		92
4.	DIE NAVORSINGSONTWERP EN DIE ONTLEDING ASOOK BE- SPREKING VAN DIE VERNAAMSTE NAVORSINGSBEVINDINGE.....	92
4.1	INLEIDING	92
4.2	NAVORSINGSONTWERP	92
4.2.1	Navorsingsmetode	92
4.2.2	Die Steekproef	93
4.2.3	Ontledingstegniek	94
4.2.4	Bespreking Van Vernaamste Bevindinge.....	94
4.3	SAMEVATTING	105
HOOFSTUK 5.....		109
5.	SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN ENKELE AANBEVELINGS .	110

LYS VAN FIGURE

	Blad sy
Figuur 1.1: Styging in minimumloon sedert 2003	9
Figuur 1.2: Vergelyking van loon-randwaarde voor die Minimumloonasstelling	11
Figuur 1.3: Persentasie Arbeidsmag in die Landbousektor (1992)	17
Figuur 1.4: Arbeidsmag in die Noordwes provinsie	18
Figuur 1.5: Vergelyking tussen basiese geriewe van plaaswerkers en ander nie-stedelike werkers	19
Figuur 2.1: Fisiese menslike behoeftes	27
Figuur 2.2: Basiese dienste benodig vir verbeterde lewenskwaliteit	28
Figuur 2.3: Die Armoede siklus	30
Figuur 2.4: Onderwys as sistemiese oorsaak van armoede	31
Figuur 2.5: Basiese menslike behoeftes	34
Figuur 2.6: Herbert Spencer	36
Figuur 2.7: Oscar Lewis	37
Figuur 2.8: Piramide van kapitalistiese sisteem	39
Figuur 2.9: Ludwig von Bertalanffy	41
Figuur 2.10: Konsep van holisme	43
Figuur 2.11: 'n Sisteem in interaksie met omgewing	46
Figuur 2.12: Die Sosiale Sisteem Model	47
Figuur 2.13: 'n Raamwerk van die arbeidsverhoudinge sisteem	49
Figuur 2.14: Aantal geweldsmisdade gerapporteer aan die SA Polisiediens, Maart 1994 – Maart 2002	52
Figuur 2.15: 'n Menslike gesondheid en welstand model	53
Figuur 3.1: Persentasie sektorale bydraes tot BBP in die Noordwes- provinsie	57
Figuur 3.2: Invloed van arbeidswetgewing op werkseleenthede	59
Figuur 3.3: Vergelyking van werkloosheid met 'n toename in vakbondbetrokkenheid	60

LYS VAN FIGURE (VERVOLG)

Figuur 3.4:	Vergelyking van werkloosheid met 'n toename in loonverhoging	61
Figuur 3.5:	Werkloosheid-armoede verspreidingsanalise van Suid-Afrika vir 1996	64
Figuur 3.6:	Verspreiding volgens tipe gestremdheid in die Noordwes-provinsie	65
Figuur 3.7:	Verswakte toestande gee aanleiding tot groter armoede.....	68
Figuur 3.8:	Antropometriese data deur die <i>African Nutritional Database Initiative</i>	69
Figuur 3.9:	Omvang (per 100 000 van die populasie) van sekere siektes in Suid-Afrika en die Noordwes-provinsie	70
Figuur 3.10:	Persentasie klinieke in die Noordwes-provinsie	72
Figuur 3.11:	Landwyse toename in MIV/Vigs onder vroue	73
Figuur 3.12:	Voorkoms van HIV by swanger vroue per provinsie in Suid-Afrika.....	73
Figuur 3.13:	Populasie van Suid-Afrika per provinsie	76
Figuur 3.14:	Samestelling van populasie volgens ras in elke provinsie in Suid-Afrika	77
Figuur 3.15:	Opvoedkundige kwalifikasies van persone in die Noordwes-provinsie	79
Figuur 3.16:	HDI inligting vir Suid-Afrika per provinsie.....	80
Figuur 3.17:	Die interafhanklikheidsmodel	82
Figuur 3.18:	Die "drie pilare model" van volhoubare ontwikkeling.....	83
Figuur 3.19:	Komponente van welstand.....	85
Figuur 3.20:	Proses van armoedeverligting	87
Figuur 4.1:	Afname in aantal gevestigde boere	95
Figuur 4.2:	Verdeling van tipe boerdery-aktiwiteite	96
Figuur 4.3:	Afname in aantal permanente werknemers.	97
Figuur 4.4:	In watter mate word onenigheid met plaaswerkers ondervind?	98

LYS VAN FIGURE (VERVOLG)

Figuur 4.5:	Is arbeidswetgewing toepaslik in die landbousektor?	98
Figuur 4.6:	Ingestelheid van boere teenoor vakbonde	100
Figuur 4.7:	Verandering in arbeidsprofiel van 2002 tot 2005	101
Figuur 4.8:	Redes vir arbeidsvermindering	102
Figuur 4.9:	Afstand na naaste gesondheidsorgfasiliteite.....	103
Figuur 4.10:	Afstand na naaste opvoedkundige instelling.....	104
Figuur 4.11:	Meningsopname oor verhoging in lewensstandaard van plaaswerkers.....	104

LYS VAN TABELLE

	Bladsy
Tabel 1.1: Minimumloontariewe vir Area A en B volgens Sektorale Vasstelling (08/2002)	4
Tabel 1.2: Bepaling van oortydtariewe	6
Tabel 1.3: Minimumloontariewe vir Area A en B volgens Sektorale Vasstelling (13/2006)	8
Tabel 3.1: Vakbondbetrokkendheid vanaf 1985-1995	62

BYLAE

Bylae A	Die Vraelys	115
Bylae B	Statistiese verwerking van resultate	121
Bronnelys		127

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN STUDIE

HOOFTUK EEN

Probleemstelling

Die implementering van 'n minimumloonvasstelling raak die landbou-ekonomie regstreeks aangesien dit 'n afname in werksgeleenthede tot gevolg het. Werkloosheid lei tot armoede en daarom is dit 'n kwessie van nasionale belang.

HOOFTUK EEN

Navorsingsvrae:

- Wat is die impak van 'n minimumloon- en sektorale vasstelling op die landbousektor in die Noordwes-provinsie.

Doelstellings:

- Het 'n minimumloonvasstelling enige impak op werksgeleenthede?
- Wat is die verband tussen werkloosheid en armoede?
- Het 'n minimumloonvasstelling enige impak op die sosio-ekonomiese aspekte?

HOOFTUK TWEE

Teorie en verwante perspektiewe oor armoede

- Individualistiese-, Kulturele-, Marxistiese- en Strukturele benaderings.
- Algemene Sisteemteorie as uitvloeisel van die Strukturele benadering.

HOOFTUK DRIE

Die invloed van 'n minimumloon op werkloosheid, armoede en ander sosio-ekonomiese aspekte

- Sosio-ekonomiese aspekte naamlik gestremdheid, bejaardesorg, misdaad, kindersorg, mortaliteit, wanvoeding, gesondheidsorg, MIV/VIGS, sosiale sekuriteit, oorbevolking, huisvesting, onderwys en opleiding.

HOOFTUK VIER

Empiriese ondersoek

- Vraelys uit literatuur en respondent-kommentare

HOOFTUK VYF

Samevatting en gevolgtrekking

HOOFSTUK EEN

HOOFSTUK 1

1. INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

1.1 INLEIDING

Die gaping tussen rykdom en armoede in Suid-Afrika is die grootste ter wêreld, daarom het die huidige regering verligting van armoede, asook opheffing van die land se burgers, as hoofprioriteit gestel (World Development Report, 2001:593). Die vermindering van armoede en ongelykheid, asook die voorsiening in basiese behoeftes, is die primêre doelwit van die regering. Hieronder sou menslike-ontwikkeling, ekonomiese- en werkverskaffingsdoelwitte heel moontlik verhinder word.

Inligting verkry uit die "Key Indicators of Poverty in South Africa Report" (Anon, 1995) dui aan dat meer as die helfte van die populasie in die Noordwes-provinsie reeds sedert 1993 in armoede verkeer.

Die Departement van Arbeid poog sedert 1994 om die lot van plaaswerkers te verbeter. 'n Sektorale vasstelling is vroeër, kragtens bestaande wetgewing, vir bepaalde ander bedrywe gemaak. Sedert 1 Maart 2003 is hierdie wetgewing (08/2002), soos bespreek in die volgende paragraaf, ook in die landbousektor van krag. Hierdie loonvasstelling bepaal dat plaaswerkers 'n tarief, soos vasgestel vir verskillende areas, vir elke uur of deel van 'n uur wat hulle gewerk het, betaal moet word. Die vasstelling is op alle landbouverwante-aktiwiteite, in die primêre- sowel as sekondêre-landbousektor, van toepassing. Alle werknemers op plase, asook huisbediendes wat op plase werk, en veiligheidswagte wat nie aan 'n private instansie verbonde is nie, word hierby ingesluit.

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet no. 75 van 1997 - Sektorale Vasstelling no. 8 vir die Plaaswerkerssektor in Suid-Afrika (08/2002), skryf bepaalde werkomstandighede en vir die eerste maal in Suid-Afrika se geskiedenis 'n vasgestelde minimumloon vir plaaswerkers voor. Die Suid-Afrikaanse regering beoog om met hierdie wetgewing (08/2002) armoede by plaaswerkers te verlig.

'n Minimumloonvasstelling (08/2002) bepaal dat twee minimumloonvlakke algemeen in Suid-Afrika geld. Loonvlakke is volgens hierdie vasstelling in kategorie A en kategorie B verdeel (Sien tabel 1.1). Die maandloon vir Kategorie A beloop R800.00, terwyl 'n maandloon van R650.00 vir kategorie B vasgestel is. Plaaswerkers in verskillende dorpe en stede ontvang dus, sedert hierdie loonvasstelling (08/2002), nie dieselfde maandelikse loon nie. Wetgewing (08/2002) bepaal dat plaaswerkers jaarliks (vir 2004 en 2005) 'n 10% loonverhoging moes ontvang het.

In sommige gevalle waar ooreengekom met die plaaswerker kan sekere aftrekkings soos byvoorbeeld vir spaarplanne, pensioenfondse, terugbetaling van lenings of vakbond lidmaatskapsgelede van die werknemers se loon verhaal word. Aftrekkings vir toerusting wat benodig word in die werkplek soos byvoorbeeld uniforms/oorpakke is egter nie toelaatbaar nie.

Tabel 1.1: Minimumloontariewe vir Area A en B volgens Sektorale Vasstelling (08/2002)

AREA A					
Bergrivier Local Municipality, Breede Valley Local Municipality, Buffalo City Local Municipality, Cape Agulhas Local Municipality, Cederberg Local Municipality, City of Cape Town, City of Johannesburg Metropolitan Municipality, City of Tshwane Metropolitan Municipality, Drakenstein Local Municipality, Ekurhuleni Metropolitan Municipality, Emalahleni Local Municipality, Emfuleni Local Municipality, Ethekwini Metropolitan Municipality, Gamagara Local Municipality, George Local Municipality, Hibiscus Coast Local Municipality, Karoo Hoogland Local Municipality, Kgatelopele Local Municipality, Khara Hais Local Municipality, Knysna Local Municipality, Kungwini Local Municipality, Kouga Local Municipality, Langeberg Local Municipality, Lesedi Local Municipality, Makana Local Municipality, Mangaung Local Municipality, Matzikama Local Municipality, Metsimaholo Local Municipality, Middelburg Local Municipality, Midvaal Local Municipality, Mngeni Local Municipality, Mogale Local Municipality, Mosselbaai Local Municipality, Msunduzi Local Municipality, Mtubatuba Local Municipality, Nama Khoi Local Municipality, Nelson Mandela, Nokeng tsa Taemane Local Municipality, Oudtshoorn Local Municipality, Overstrand Local Municipality, Plettenbergbaai Local Municipality, Potchefstroom Local Municipality, Randfontein Local Municipality, Richtersveld Local Municipality, Saldanha Bay Local Municipality, Sol Plaatje Local Municipality, Stellenbosch Local Municipality, Swartland Local Municipality, Swellendam Local Municipality, Theewaterskloof Local Municipality, Umdoni Local Municipality, uMhlathuze Local Municipality and Witzenberg Local Municipality.					
Minimum rate for the period 1 March 2003 to 29 February 2004		Minimum rate for the period 1 March 2004 to 28 February 2005		Minimum rate for the period 1 March 2005 to 28 February 2006	
Hourly rate	R4.10	Hourly rate	4.47	Hourly rate	4.87
Monthly rate	R800	Monthly rate	871.58	Monthly rate	949.58
AREA B (Alle areas nie by Area A ingesluit)					
Minimum rate for the period 1 March 2003 to 29 February 2004		Minimum rate for the period 1 March 2004 to 28 February 2005		Minimum rate for the period 1 March 2005 to 28 February 2006	
Hourly rate	R3.33	Hourly rate	3.66	Hourly rate	4.03
Monthly rate	R650	Monthly rate	713.65	Monthly rate	785.79

Bron: Wette-Suid-Afrika (Saamgestel deur navorser)

Landbou is van kardinale belang vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. Tradisioneel het landbou 'n belangrike rol in die ekonomie gespeel en sorg steeds vir 'n groot persentasie van formele werkseleenthede. Die moderne ekonomie stel hoë eise aan werkgewers soos byvoorbeeld skoling, opleiding, huisvesting, voedselsekuriteit, gesondheid en sosiale ontwikkeling.

Arbeidswetgewing is noodsaaklik aangesien die landboubedryf arbeids sensitief is (Loggerenberg, 2003). Gevolglik is dit belangrik dat arbeidsverhoudinge en -bestuur op 'n hoë vlak geskied. Gesonde arbeidsverhoudinge word egter nie deur wetgewing alleen bereik nie en is slegs moontlik wanneer daar onderlinge vertroue, respek en samewerking tussen die werkgewer en werknemer is (De Beer, 1992:13). Daar bestaan 'n duidelik gedefinieerde afhanklikheid tussen die boer as werkgewer en die plaaswerker as werknemer. Werkgewers benodig arbeid ten einde produktief te kan funksioneer, terwyl werkseleenthede sekuriteit aan plaaswerkers bied. Die feit dat werknemers in staat gestel word om 'n inkomste te verdien, gee aan hul 'n gevoel van identiteit en selfverwesenliking (De Beer, 1992:51).

Die werkgewer en werknemer word as gelyke partye gereken. Hul is afhanklik van mekaar om 'n sekere doelwit, soos byvoorbeeld voedselproduksie, te bereik. Beide partye het 'n rol om te vervul met sekere regte en verpligtinge soos gesetel in arbeidswetgewing. Die boerderybedryf het eie unieke probleme en werkomstandighede maar dit is 'n sakeonderneming en behoort volgens wetenskaplike besigheidsbeginsels bestuur te word, ten einde winsgewend te wees.

Plaaswerkers is, net soos plaaseienaars of produsente, 'n onmisbare skakel in die landbouketting en moet doelgerig en doeltreffend ontwikkel word. Die totale landelike gemeenskap, selfs dié persone wat nie op plase woon nie, is direk en indirek afhanklik van landbou vir suksesvolle voortbestaan. Landbou verskaf voedsel wat 'n noodsaaklikheid vir elke persoon is.

Die voormalige Landbouminister, Thoko Didiza, het die landbou as 'n sektor bestempel wat spesiale aandag van die regering behoort te geniet, aangesien dit die "enjinkamer" van groei vir die hele land kan wees. Reeds gedurende 2001 het President Thabo Mbeki versoek dat verskillende rolspelers 'n gemeenskaplike strategie moet identifiseer, met voldoende fokus, om die landbousektor te verenig (Anon., 2001). Die strategiese sektorplan het uit hierdie versoek voortgespruit. Die visie vir die landbousektor impliseer volgehoue en winsgewende deelname deur alle rolspelers aan die Suid-Afrikaanse landbou-ekonomie. Die strategiese sektorplan erken die behoefte om kommersiële produksie te handhaaf en te verhoog, internasionale kompetisie uit te bou en om die historiese erfenisse en vooroordele, wat tot ongelyke toegang en verteenwoordiging gelei het, reg te stel. Hierdie omskrywing is 'n duidelike voorstelling van wat Suid-Afrikaanse landbou oor die langtermyn beoog.

Wetgewing (08/2002) bepaal dat plaaswerkers nie meer as 45 ure per week mag werk nie. Dit meen nege (9) ure per dag waar vyf (5) dae per week gewerk word of agt (8) ure waar van werkers verwag word om meer as vyf (5) dae per week te werk. Plaaswerkers mag vyftien (15) ure per week oortyd werk, nie meer as drie (3) ure per dag nie. Werkers moet vergoed word vir oortyd gewerk soos uiteengesit in tabel 1.2.

Tabel 1.2: Bepaling van oortydtariewe

OORTYD GEWERK	BETALING
Een uur of minder	Dubbel die gewone loon vir een uur
Meer as een uur, maar minder as twee ure	Dubbel die gewone loon vir die tyd gewerk
Meer as twee ure, maar minder as vyf ure	Die gewone daaglikse loon
Meer as vyf ure	Die grootste van hetsy die loon betaalbaar vir die tyd gewerk (oortyd uitgesluit) of dubbel die daaglikse loon.

Bron: Wette: Suid-Afrika (Saamgestel deur navorser)

Die ekonomiese potensiaal van 'n land word nie soos voorheen gemeet aan die hoeveelheid grondstowwe nie, maar aan die vermoë van sakelui om internasionaal mee te ding (Du Preez & De Villiers, 2003). Globalisering is 'n werklikheid en Suid-Afrika ding ook in die landbousektor met ander lande soos Australië en Nieu-Seeland mee. Suid-Afrika is 'n nie 'n ideale landbouland nie, gereelde droogtes, oorstromings en swak sosio-ekonomiese toestande maak dit vir Suid-Afrikaanse boere moeilik om deurlopend suksesvol te wees. Plaaslike pryse, vir produkte gelewer, word noodwendig afgelei van die internasionale mark. Globalisering beteken strawwer mededinging en Suid-Afrika kan nie op 'n mededingende voet graan na die wêreldmark uitvoer nie.

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet no. 75 van 1997, Sektorale Vasstelling no. 13, Plaaswerkersektor in Suid-Afrika (13/2006) is op 1 Maart 2006 in werking gestel. Hierdie sektorale vasstelling (13/2006) vervang alle bepalinge en voorwaardes van sektorale vasstelling (08/2002) vir die plaaswerkersektor.

Sektorale vasstelling (13/2006) bepaal dat daar weggedoen word met 'n tweevlak loonstelsel asook met die bepaling dat indien 'n werker meer as 27 uur per week werk, die volle maandelikse loon betaal moet word. In tabel 1.3 word die nuutste loontarief, soos per area A en B, volgens wetgewing (13/2006) uiteengesit.


Tabel 1.3: Minimumloontariewe vir Area A en B volgens Sektorale Vasstelling (13/2006)

AREA A					
Bergrivier Local Municipality, Breede Valley Local Municipality, Buffalo City Local Municipality, Cape Agulhas Local Municipality, Cederberg Local Municipality, City of Cape Town, City of Johannesburg Metropolitan Municipality, City of Tshwane Metropolitan Municipality, Drakenstein Local Municipality, Ekurhuleni Metropolitan Municipality, Emalahleni Local Municipality, Emfuleni Local Municipality, Ethekwini Metropolitan Municipality, Gamagara Local Municipality, George Local Municipality, Hibiscus Coast Local Municipality, Karoo Hoogland Local Municipality, Kgatelopele Local Municipality, Khara Hais Local Municipality, Knysna Local Municipality, Kungwini Local Municipality, Kouga Local Municipality, Langeberg Local Municipality, Lesedi Local Municipality, Makana Local Municipality, Mangaung Local Municipality, Matzikama Local Municipality, Metsimaholo Local Municipality, Middelburg Local Municipality, Midvaal Local Municipality, Mngeni Local Municipality, Mogale Local Municipality, Mosselbaai Local Municipality, Msunduzi Local Municipality, Mtubatuba Local Municipality, Nama Khoi Local Municipality, Nelson Mandela, Nokeng tsa Taemane Local Municipality, Oudtshoorn Local Municipality, Overstrand Local Municipality, Plettenbergbaai Local Municipality, Potchefstroom Local Municipality, Randfontein Local Municipality, Richtersveld Local Municipality, Saldanha Bay Local Municipality, Sol Plaatjie Local Municipality, Stellenbosch Local Municipality, Swartland Local Municipality, Swellendam Local Municipality, Theewaterskloof Local Municipality, Umdoni Local Municipality, uMhlathuze Local Municipality and Witzenberg Local Municipality.					
Minimum rate for the period 1 March 2006 to 28 February 2007		Minimum rate for the period 1 March 2007 to 29 February 2008		Minimum rate for the period 1 March 2008 to 28 February 2009	
Hourly rate	R5.10	Hourly rate	R5.34	Hourly rate	R5.59
Monthly rate	R994	Monthly rate	R1041	Monthly rate	R1090
AREA B (Alle areas nie by Area A ingesluit)					
Minimum rate for the period 1 March 2006 to 28 February 2007		Minimum rate for the period 1 March 2007 to 29 February 2008		Minimum rate for the period 1 March 2008 to 28 February 2009	
Hourly rate	R4.54	Hourly rate	R5.07	Hourly rate	R5.59
Monthly rate	R885	Monthly rate	R989	Monthly rate	R1090

Bron: Wette-Suid-Afrika (Saamgestel deur navorser)

'n Ministeriële taakgroep, wat lone in die landbousektor onder die loep moes neem, is saamgestel en hul het 'n verslag aan die Diensvoorwaardekommissie (DVK) vir oorweging voorgelê. Die Minister van Arbeid, Mnr. Membathisi Mdladlana, het op grond van hierdie verslag aan die DVK, twee (2) jaar tyd gegun waarin lone vir area A en B aangepas word sodat alle plaaswerkers teen 2009 dieselfde loon verdien (Moos, 2006).

Figuur 1.1: Styging in minimumloon sedert 2003



Bron: Staatskoerant Nr. 28518 (Saamgestel deur navorser).

Dit is duidelik (sien figuur 1.3) dat minimumlone vir plaaswerkers in die volgende drie (3) jaar kumulatief met ongeveer 34% sal styg. Dit is 'n poging van die regering om verskille tussen lone in landelike en stedelike gebiede uit te skakel (de Lange, 2006).

Groot kommer heers in landbougeledere sedert die implementering van die eerste minimumloonvasstelling (08/2002). Verskeie openbare verhore, waartydens plaasboere insette oor minimumlone kon lewer, is gedurende 2005 deur die Departement van Arbeid van stapel gestuur. Volgens mnr. Pieter Möller, hoofbestuurder van Vrystaat Landbou, heers daar groot ontevredenheid tussen boere.

Aanbevelings vanuit die landboubedryf, in herhaalde vergaderings met ekonomiese bewese argumente, en swak ekonomiese toestande is nie in ag geneem met die implementering van die hersiene sektorale vasstelling (13/2006) vir die plaaswerkersektor nie (Norval, 2006: 1).

Mnr. Lourie Bosman, voorsitter van Agri SA, meen dat hierdie loonverhoging ondeurdrag is en 'n baie groot terugslag vir die landbousektor tot gevolg gaan hê. Hy meen dat die skerp verhoging in arbeidskoste nie geabsorbeer kan word nie (Norval, 2006).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Gesien teen die agtergrond in die inleidende gedeelte van hierdie navorsing is daar 'n aantal aspekte van die arbeidswetgewing wat die situasie in die landbousektor bemoeilik en derhalwe bevraagteken word. Die arbeidswetgewing waarna spesifiek verwys word in hierdie studie is:

- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, no. 75 van 1997 - Sektorale Vasstelling no. 8 (08/2002) vir die Plaaswerkersektor in Suid-Afrika
- Wet op Basiese Diensvoorwaardes, no. 75 van 1997 – Sektorale Vasstelling no. 13 (13/2006) vir die Plaaswerkersektor in Suid-Afrika (13/2006)

Verskeie aspekte vanuit hierdie wetgewing (08/2002 en 13/2006) word vervolgens bespreek ten einde die probleemstelling te omskryf.


1.2.1 Die bekostigbaarheid van minimum lone vir die landbousektor

Arbeidskoste het gedurende die jaar 2000 sowat R7 600 miljard beloop wat gelykstaande was aan 127% van die landbou se netto inkomste gedurende dieselfde jaar. Dit meen dat arbeidskoste veel groter was as die wins in die landbousektor (Willemse, 2006). Volgens, Mnr. Japie Grobler, President van Agri SA, is arbeid die landbousektor se grootste koste-item. Die landbou-loonrekening het vir 2004 bykans R9 354 miljoen beloop, dit is ongeveer 17% van die totale uitgawerekening (Landman, 2005). 'n Loonvasstelling (Grobler, 2003) gaan ongelukkig 'n kontraproduktiewe uitwerking vir die landbousektor hê.

Volgens die Departement van Landbou se ekonomiese oorsig vir 2004 het die pryse van landbouprodukte binne 'n jaar gemiddeld met 6,8% afgeneem. Uitgawes het oor dieselfde tydperk met 5,3% toegeneem tot R38,3 miljard rand. Die effek hiervan was dat die netto boerdery inkomste van 2003 tot 2004 met 14,2% gedaal het (Kleynhans, 2005: 2).

Gedurende 2002 het die gemiddelde maandelikse loon op plase in Suid-Afrika sowat R544 beloop. Groot verskille het egter tussen die verskillende streke voorgekom. Die gemiddelde loon in die Noordelike-provinsie en die Vrystaat was nog laer as dié van die Noordwes-provinsie (van Rooyen, 2002). Sommige boere, selfs ook opkomende boere, vind dit onmoontlik om aan die minimumloonvasstelling te voldoen. 'n Aanvanklike loonvasstelling het bepaal dat die gemiddelde loon van R470 per maand in die Noordwes-provinsie verhoog het na R650 en R800 onderskeidelik. In die Noordelike-provinsie was sommige boere verplig om die maandelikse loon te verdubbel (Sien figuur 1.4).

Figuur 1.2: Vergelyking van loon-randwaarde voor die Minimumloonvasstelling



Bron: Van Rooyen, 2002 (Saamgestel deur die navorser)

Tans is plaaswerkers in Area A op 'n bedrag van R994 per maand (styging van 4,67%) geregtig en plaaswerkers in Area B op R885 (styging van 12,62%). Opkomende boere word heelwat erger geraak deur loonverhogings. 'n Studie in die Suid-Vrystaat het getoon dat die graanopbrengs van opkomende boere oor die algemeen die helfte minder as dié van hul kommersiële eweknieë beloop. Dit bring mee dat hul arbeidskoste twee keer hoër is as dié van die kommersiële boere (Norval, 2006).

Mnr. Pieter Möller, hoofbestuurder van Vrystaat Landbou, meen dat boere nie verkwalik kan word indien hulle werkers verminder ter wille van geldelike oorlewing nie (Norval, 2006:1). Hy sê dat 'n opname gedurende 2005 getoon het dat 70% van Vrystaat Landbou se lede nie die verhoogde minimumloon kan bekostig nie. Die opname het ook aangedui dat 16% van die werkers op Vrystaatse plase oorbodig verklaar kan word.

1.2.2 Sukses van 'n tweevlak-loonstelsel

Low (1986:160) meen dat daar reeds sedert die tagtigerjare geïntegreerde landelike-ontwikkelingsprojekte in Suid-Afrika beplan en doelwitte daarvoor vasgestel is. Hierdie beplanning is gedoen sonder enige verwysing na stedelike ontwikkeling óf die neiging na loongeörienteerde indiensneming. Die geïsoleerde beplanning reflekteer die algemene siening dat daar 'n eenrigting verhouding tussen landelike ontwikkeling en landbouproduksie aan die een kant en stedelike ontwikkeling en loon-gemotiveerde indiensname aan die ander kant bestaan. Die potensiële impak van ontwikkeling in hierdie areas is geïgnoreer en so ook die toename in landelike-stedelike migrasie.

Die tweevlakstelsel soos bepaal in wet 08/2002 hou potensiële probleme vir die landbousektor in. In gevalle waar grond van 'n boerdery-eenheid in beide areas A en B ressorteer, kan daar 'n geneigdheid by plaaswerkers ontwikkel om van die laer- na hoër-loonareas te migreer. Landbou-unies het geen beswaar teen die aanvanklike minimumloonvasstelling nie, maar wel met die onpraktiese bepalings in die wet ten opsigte van die tweevlakstelsel. Unies is van mening dat die verdeling in sektore A en B 'n negatiewe invloed op plaasarbeid en -produksie tot gevolg kan hê.

Vergoeding het oor die algemeen motiverende waarde vir werknemers, maar dit blyk dat hierdie loonvasstelling eerder konflik tussen plaaswerkers tot gevolg kan hê.

Na verskeie samesprekings het die Departement van Arbeid uiteindelik besluit om weg te doen met die tweevlakstelsel vir minimumlone by plaaswerkers. Hierdie bepaling is vervat in die nuutste sektorale vasstelling (13/2006).

1.2.3 Nuwe toetreders tot die arbeidsmark

Met die aanvanklike loonvasstelling (08/2002) is geen voorsiening gemaak vir 'n intreeloon nie. Nuwe toetreders tot die arbeidsmark wat nog nodig het om vaardighede te ontwikkel, ontvang dieselfde loon as werknemers met baie jare ondervinding in die landboubedryf. Volgens wetgewing (08/2002) kon die uurtarief slegs betaal word aan werkers wat minder as 27 uur per week werk. Werknemers wat 28 tot 45 uur of langer werk ontvang dus almal dieselfde maandelikse tarief. Hierdie bepaling was demotiverend vir ervare werknemers en kan konflik veroorsaak. Die nuutste proklamasie (13/2006) bepaal dat hierdie vroeëre vereiste geskrap word.

Lone word sedert 1 Maart 2006 bepaal volgens die aantal ure gewerk. Hierdie bepaling het op sy beurt weer verdere probleme tot gevolg. Boere wat tans die volle loontarief vir werksure minder as 45 uur betaal kan nie hul stelsel eensydig verander nie. So 'n verandering kan neerkom op 'n onbillike arbeidspraktyk (Moos, 2006). Boere moet egter self met werkers hieroor onderhandel.

1.2.4 Invloed van meganisasie

Meganisasie verminder hande-arbeid en gevolglik verhoog meganisasie dus werkloosheid. Die insetkoste vir meganisasie is waarskynlik hoog maar boere behoort nie daarvoor om te gee nie aangesien masjinerie nie soos in die geval van werknemers staak- of looneise stel nie (Anon., 1987:4).

Styging in water- en grondbelasting, minimumloonvasstelling asook die uitwerking op kapitaalvermindering kan boere laat besluit op minder arbeidsintensiewe bedrywe. Die huidige bepalings gaan meganisasie en uitkontraktering van werk op groot skaal tot gevolg hê. Volgens Smith (2003) gaan permanente arbeid drasties verminder.

Boere kan voortaan besluit om hul boerderybedrywighede sover dit moontlik is, te meganiseer. Sommige boere is nie in staat, met die produsenteprys van produkte en dienste inaggenome, om aan die vereiste van 'n minimumloon te voldoen nie. Volgens dr. Wimpie Nell, direkteur van die sentrum vir landboubestuur aan die Universiteit van die Vrystaat, is dit veral die meer arbeidsintensiewe boerderye wat die ergste geraak word. Nell sê dat loonverhoging in die platteland gaan meebring dat boere meer sal meganiseer om hul werkers te verminder met die gevolglike verhoogde verstedeliking en verhoogde druk op munisipaliteite en die Regering om na werkloses om te sien (Norval, 2006).

1.2.5 Voorsiening vir stukwerk en seisoenwerk

Wetgewing (08/2002 en 13/2006) maak nie doelmatig vir stuk- en seisoenwerkers voorsiening nie. Lone vir hierdie tipe werkers was in die verlede gekoppel aan produktiwiteit en/of die afhandeling van 'n spesifieke taak. Loonvasstelling kan 'n negatiewe invloed op produktiwiteit hê aangesien alle werkers dieselfde vasgestelde loon ontvang. Saaiboerdery is seisoengebonde en boere maak tydens oestyd van meer werkers gebruik as wat die res van die jaar die geval mag wees.

Gesprekke tussen die minister van arbeid, Membathisi Mdladlana, en georganiseerde landbou om probleme rakende die inwerkingstelling van minimumlone vir plaaswerkers op te klaar het weinig opgelewer. Japie Grobler, President van Agri SA (2003:1), meen dat daar na raming ongeveer 150 000 permanente- en sowat 130 000 tydelike of seisoenale werksgeleenthede verlore sal gaan. Daar word ook beraam dat 50% van boere in sekere streke en bedryfsvertakkings nie ekonomies sal kan oorleef nie.

Die feit dat daar nie vir stuk- of seisoenwerk in wetgewing voorsiening gemaak word nie maak dit vir boere onmoontlik om arbeid doeltreffend te bestuur.

1.2.6 Die bepaling van die % natura vergoeding

Natura (Anon., 2000) is vergoeding in die vorm van akkommodasie of voedsel. Dit is 'n term wat algemeen in die landboubedryf gebruik word. Boere vergoed plaaswerkers, bykomend tot hul minimumloon, met voedsel en akkommodasie.

Die totale aftrekking vir voedsel en akkommodasie (natura) wat addisioneel aan plaaswerkers voorsien word, mag nie meer as 20% van die plaaswerker se loon oorskry nie. Dit beteken dat 'n maksimum van 10% vir voedsel en 10% vir akkommodasie van plaaswerkers verhaal mag word. Alvorens enige aftrekking vir akkommodasie gemaak kan word, moet die beskikbare akkommodasie aan die volgende vereistes voldoen:

- 'n waterdigte dak;
- glasvensters wat kan oopmaak;
- elektrisiteit en water in die woning en;
- 'n spoel- of put-toilet.

Landbou-ekonome meen dat armoede nie net aan die grootte van 'n minimumloon gemeet kan word nie. Lone is nie noodwendig 'n maatstaf van inkomste nie. Sommige plaaswerkers verdien tot 30% bykomend in die vorm van voedsel, gesondheidsorg, ens. Aftrekkings vanaf plaaswerkers se salarisse vir behuising kan alleenlik gedoen word waar daar elektrisiteit binne die huise is. Talle plase beskik nog nie oor hoofstroom elektrisiteit nie en daarom is boere verplig om gratis akkommodasie aan plaaswerkers te verskaf. Hierdie faktore sal waarskynlik daartoe bydra dat boere wegbeweeg van die verskaffing van byvoordele en dit het verdere tekorte vir plaaswerkers tot gevolg.


1.2.7 Die invloed van minimumlone op mededingendheid en werkloosheid

Volgens die Mesebetsi Arbeidsmag oorsigverslag, vrygestel deur die Suid-Afrikaanse tak van Noorweë se Instituut Toegepaste Maatskaplike Wetenskap (van Rooyen, 2002), is bevind dat tussen 32% en 45% van Suid-Afrika se werkende ouderdom bevolking (tussen die ouderdom van 15 en 65) werkloos is. Vroue, mense op die platteland en swartmense val meer waarskynlik in hierdie groep.

Amerikaanse ekonome het gedurende 1979 (van Rooyen, 2002) bevind dat 'n vasgestelde minimumloon werkloosheid onder jong en ongeskoolde werkers sal laat toeneem. In Brittanje het slegs die landbousektor in die vroeë negentigerjare 'n minimumloonstelsel geïmplimenteer. Dit het egter geblyk dat plaaswerkers in Brittanje se gemiddelde salarisse, anders as in Suid-Afrika, aansienlik hoër as die vasgestelde minimumloon was. Gevolglik het minimumloonvasstelling geen uitwerking op verdienste gehad nie.

Die Wêreldbankverslag (World Bank:1994) het aangedui dat die landbousektor se arbeidsmag in Suid-Afrika gedaal het van 32% gedurende 1965 tot 13% in 1992 (Sien figuur 1.5). 'n Minimumloonvasstelling kan 'n verdere daling in die arbeidsmag tot gevolg hê.

Figuur 1.3: Persentasie Arbeidsmag in die Landbousektor (1992)




Bron: World Bank, 1994.

Die 2001 Sensusopname het aangedui dat die totale arbeidsmag in die Noordwes provinsie, wat uit ongeveer 1 331 924 persone bestaan, 583 035 werkloses en 1 020 777 ekonomies onaktiewe persone insluit (Sien figuur 1.6).

Volgens Mnr. Kobus Kleynhans, direkteur van Arbeidsake vir Agri SA, sal die verhoging in minimumloon die volgende drie (3) jaar nog harder tref as die reeds dalende indiensnemingsyfers van die afgelope jaar. Kleynhans het daarop gewys dat indiensneming in die landbousektor met 138 000 werknemers verminder het van Januarie tot September gedurende 2005.

Figuur 1.4: Arbeidsmag in die Noordwes provinsie



Bron: Statistiek SA. 2001. Sensusopname. (Saamgestel deur die navorser)


1.2.8 Vergelyking tussen lewensomstandighede van plaaswerkers en werkers in ander sektore

Professor Nick Vink, Voorsitter van Departement Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, meen dat 'n minimumloon breë implikasies vir die landbousektor inhou. Vink het die vlak van armoede onder plaaswerkers bepaal deur die bestudering van hul absolute en relatiewe basiese vermoëns. Sy studie het voedselkundige status, toegang tot huisvesting en huishoudkundige dienste asook geletterdheidsvlakke ingesluit (van Rooyen, 2002). Vink het bevind dat ongeveer 52% van kinders in ander sektore al ernstig honger gely het, in vergelyking met die 48% van plaaskinders wat al voedseltekorte beleef het. Hy meen dat daar slegs 45% nie-stedelike, werklose mense is wat oor goeie huisvesting beskik.

Figuur 1.7 dui aan dat sowat 65% van alle plaaswerkers in formele huise woon wat deur hul werkgevers voorsien word. Ongeveer 59% van alle plaaswerkers het lopende water in hulle direkte omgewing in vergelyking met die 38% in stedelike gebiede. In vergelyking met die 18% van ander nie-stedelike werkers het ongeveer

27% van alle plaaswerkers goeie sanitêre geriewe. Ongeveer 44% van plaaswerkers, in vergelyking met ander nie-stedelike werkers, beskik oor elektrisiteit in hulle wonings (van Rooyen, 2002).

Figuur 1.5: Vergelyking tussen basiese geriewe van plaaswerkers en ander nie-stedelike werkers



Bron: Van Rooyen, 2002. (Saamgestel deur navorser).

Volgens Vink se bevindinge is dit duidelik dat daar groepe werkers in ander sektore is wat in minder gunstige omstandighede leef as wat met plaaswerkers die geval is.

1.2.9 Gevolgtrekking uit probleemstelling

Die aandrang op loonverhogings is een van die ontwikkelinge wat die landbou-ekonomie regstreeks raak. Die invloed en implementering van hierdie wetgewing op spesifieke en breë landboubedrywe behoort ondersoek te word met inagneming van die kwesbaarheid van landbou-arbeid. Dit is nie net in landbou se belang nie maar ook van nasionale belang. Ten einde ekonomies te oorleef sal boerderye hul uitgawes drasties moet besnoei en dit is onafwendbaar dat daar ook besparing op die loonrekening, as die grootste koste-item, bewerkstellig sal moet word.

Met hierdie studie sal gepoog word om die finansiële implikasies asook die invloed van 'n loonvasstelling op sosio-ekonomiese gebied in die landbousektor te ondersoek.

1.3 DOEL VAN ONDERSOEK

1.3.1 Primêre Doelstelling

Die aanleidende navorsingsvraag wat uit bogenoemde probleemstelling na vore kom, is om te bepaal wat die impak van 'n minimumloon- en sektorale vasstelling (volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet no. 75 van 1997, Sektorale Vasstelling no. 8 (8/2002) en no. 13 (13/2006) - Plaaswerkersektor in Suid-Afrika) op die landbousektor in die Noordwes-provinsie is.

1.3.2 Sekondêre doelstelling

Die sekondêre doelstellings van hierdie ondersoek is:

- om vas te stel of 'n minimumloon- en sektorale vasstelling enige impak op werkseleenthede in die landboubedryf in die Noordwes-provinsie het;
- om na aanleiding van die empiriese ondersoek en/of literatuurstudie vas te stel of daar enige verband tussen armoede en werkloosheid is;
- om te bepaal of minimumloon- en sektorale vasstelling enige impak op sosio-ekonomiese aspekte het.

1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Aangesien hoofstuk 4 die navoringsontwerp volledig bespreek word hier slegs na die algemene navorsingsprosedures verwys.

Die ondersoek bestaan uit 'n teoretiese asook 'n empiriese komponent. In die teoretiese komponent sluit die literatuurstudie primêre bronne, publikasies met spesifieke inligting oor die spesifieke onderwerp en sekondêre bronne soos resente koerant-, tydskrif- en internetartikels in.

In die empiriese ondersoek word die opnameprosedure gebruik as navorsingsmetode terwyl 'n gestruktureerde vraelys as tegniek (meetinstrument) gebruik word. Die vraelys is opgestel in samewerking met Statistiese Konsultasiedienste, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

Die teikenpopulasie is 'n seleksie van die totale aantal boere wat geaffilieerde lede van Agri Noordwes is. Adresse van hierdie lede is verkry vanaf Agri-Noordwes se hoofkantoor. 'n Seleksie is uit die teikenpopulasie aan die hand van 'n steekproef gedoen. Die lede van Agri-Noordwes is verteenwoordigend van die landbougemeenskap in die Noordwes-provinsie. Agri-Noordwes is die amptelike spreekbuis vir georganiseerde landbou in die Noordwes-provinsie. Elke streek asook boerevereniging is in die steekproef verteenwoordig.

Daar is met Agri-Noordwes ooreengekom dat hulle volle toegang tot die verkreeë resultate sal hê. Die vraelys (sien bylae A) is saamgestel na bestudering van toepaslike literatuur. Verdere agtergrond deur die teoretiese studie bekom, is gebruik as basis vir samestelling. Literatuurstudie word aangevul en ondersteun deur die empiriese ondersoek.

Hierdie is 'n verkenende ondersoek en geen hipoteses kan gemaak word nie.

1.5 OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE

1.5.1 Arbeidsverhoudinge

Arbeidsverhoudinge (Bendix, 1992:3) verwys na die verhoudings tussen persone wat werk en die persone vir wie hulle werk. Dit bestaan reeds sedert die eerste individu deur 'n ander persoon genader is om 'n taak te verrig teen betaling. Arbeidsverhoudinge het ten doel om te verseker dat daar arbeidsvrede in die werkplek is. Dit sluit dissiplinerê- en griewe-prosedures, asook onderhandelings in.

1.5.2 Plaaswerker

'n Plaaswerker of -arbeider is die persoon wat aangestel is om landbou-aktiwiteite te verrig. Huiswerkers op plase word ook hierby ingesluit (Anon., 2000).

1.5.3 Dienskontrak

Skriftelike ooreenkoms tussen die werkgever en werknemer wat die diensvoorwaardes soos tariewe betaalbaar per uur, oortydbetaling, verlof, vergoeding ens., uiteensit. 'n Dienskontrak (De Beer, 1992:2) word gesluit vir 'n spesifieke periode, gewoonlik nie korter as twaalf maande nie. Wysigings kan in spesiale omstandighede aan die dienskontrak gemaak word, indien beide partye konsensus oor die wysigings bereik.

1.5.4 Minimumloon

Die tarief van vergoeding vasgestel deur statuut of deur 'n minimumloonorder as die laagste loon wat betaal mag word vir 'n spesifieke tipe werk, 'n spesifieke klas werkers of enige werker (Anon., 2000).

1.5.5 Sektorale vasstelling

Sektorale vasstelling of determinasie (Anon., 2000) bepaal dat plaaswerkers betaal moet word vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat hulle gewerk het. Verskillende loonvlakke word voorgestel op grond van die area waar die persoon werksaam is.

1.5.6 Boerderybestuur

Boerderybestuur (Anon., 1998:2) kan beskou word as die proses waardeur 'n boer al die produksiefaktore, naamlik grond, arbeid en kapitaal in sy landbou onderneming organiseer, beplan, motiveer, koördineer en beheer ten einde sekere doelwitte soos maksimum wins, groei en verbeterde lewenstandaard te weeg te bring.

1.5.7 Globalisering

Globalisering (Anon., 2000) is 'n nuwe woord vir 'n ou proses, te wete die integrering van die wêreld op ekonomiese, politieke, tegnologiese en ander terreine. Nuwe inligtings- en kommunikasietegnologie het tot gevolg dat die "goue era" van globalisering aangebreek het. Die wêreld word al vinniger en al meer geïntegreer. Dit behels die aftakeling van nasionale handelsmure en die opkoms van multinasionale sakereuse as rolspelers op die internasionale verhoog.

1.5.8 Natura

Natura (Anon., 2000) is vergoeding in die vorm van akkommodasie of voedsel. 'n Maksimum van 20% vir natura-vergoeding kan van die plaaswerker se loon verhaal word.

1.5.9 Per Capita

Dui die verbruik per kop of per persoon aan.

1.6 INHOUDSONTPLOOIING

Hoofstuk 1: Inleiding en Probleemstelling

Hoofstuk 2: Teorie en verwante perspektiewe oor armoede

Hoofstuk 3: Die invloed van 'n minimumloon op werkloosheid, armoede en ander sosio-ekonomiese aspekte

Hoofstuk 4: Navorsingsontwerp, ontleding en bespreking van vernaamste navorsingsbevindinge

Hoofstuk 5: Samevattende gevolgtrekkings en enkele aanbevelings

HOOFSTUK TWEE

HOOFSTUK 2

2. TEORIE EN VERWANTE PERSPEKTIEWE OOR ARMOEDE

2.1 INLEIDING

Dit is geen eenvoudige taak om die begrip *armoede* te omskryf nie. Persepsies oor armoede verskil nie net van land tot land en van gemeenskap tot gemeenskap nie, maar ook van tyd tot tyd in 'n spesifieke land. Volgens Naudé (1997) erken kontemporêre sosioloë dat dit moeilik is om armoede metodologies te meet. As gevolg hiervan het 'n neiging ontwikkel om eerder op sosiale ongelykhede wat verband hou met sosiale status, beroep en inkomste te fokus. Verskeie negatiewe sosio-maatskaplike toestande wat faktore soos lae opvoedingspeil, swak beroepsopleiding, werkloosheid, 'n disfunksionele gesins- en gemeenskapslewe, drank- en dwelmmisbruik, ontoereikende of swak behuisingstoestande en oorbewoning (wat agterbuurtes en plakkery insluit) gaan dikwels met armoede gepaard en maak mense meer kwesbaar vir armoede.

2.1.1 Omskrywing van armoede


Armoede beteken veel meer as net om met min of geen geld klaar te kom. Die onlangse *South African Participatory Poverty Assessment (SA-PPA)* (Wilkins, 1998:2) som die siening oor behoefte soos volg op:

- Behoeftiges kan nie genoegsame, of goeie kwaliteit, voedsel aan gesinne voorsien nie.
- Behoeftiges leef in oorbewoonde toestande.
- Behoeftiges beskik nie oor veilige en voldoende energiebronne nie.
- Behoeftiges beskik nie oor vaste werk nie en/of verdien min geld.
- In die meeste arm gesinne is vaders gewoonlik afwesig en/of leef kinders weg van hul ouers.

Bogenoemde toestande lei veral tot gebrekkige sosialisering, swak interpersoonlike verhoudings, ontoereikende persoonlike ontwikkeling en onvoldoende sosiaal aanvaarde norme en waardes - almal risikofaktore wat verdere armoede tot gevolg kan hê.

Die *United Nations Development Report* (UNDP) (1996) beskryf armoede in terme van onervulde vermoëns en uiters beperkte keuses. Hierdie beskrywing laat reg geskied aan die faset-geaardheid van armoede asook die verband tussen ekonomiese groei en menslike welstand. Die UNDP se beskrywing verskil van die Wêreldbank se siening dat armoede in terme van onvermoë om 'n bepaalde lewenstandaard te handhaaf gemeet kan word. Die UNDP beklemtoon veral die gebrek aan toegang tot skoon water, sanitasie, vervoer en gesondheidsorg. Dit is alles faktore wat armoede tot gevolg kan hê. Figuur 2.1 demonstreer die fisiese behoeftes wat lewensnoodsaaklik is vir die mens.


Figuur 2.1: Fisiese menslike behoeftes



Bron: Dumanowski, 2002.

Afgesien van die ongerief wat nie-toeganklikheid tot lopende water, elektrisiteit en sanitasie veroorsaak, het dit ook tot gevolg dat die gesondheid van gesinslede daaronder ly. Hierdie tekort is ook 'n rede vir hoë kindermortaliteitsyfers. Trouens, toeganklikheid tot dienste/bronne soos byvoorbeeld vervoer, inligting, opvoeding en ander fasiliteite (sien figuur 2.2) dra direk by tot die verhoging van lewenskwaliteit.

Fig 2.2: Basiese dienste nodig vir verbeterde lewenskwaliteit



Bron: Fitzgerald 2004

Die gevaar bestaan dat daar in pogings om armoede te verminder verby die behoeftiges self gekyk word, of dat die regering sal poog om die probleem slegs in terme van finansiële behoeftes op te los. Geld is belangrik maar fiskale verdelings alleen kan die armoedekwessie nie oplos nie. Suid-Afrika kan die probleem van armoede alleenlik oorkom indien die meerderheid persone (welgesteldes sowel as behoeftiges) bereid is om onbaatsugtig aan die armoedeprobleem te werk. Elke individu het die verantwoordelikheid om na die beste van sy/haar vermoë in eie behoeftes asook dié van afhanklikes te voorsien.

Kollektief gesproke rus daar 'n groot verantwoordelikheid op die staat om beleid daar te stel wat die voorafgaande oortuigings in werkbare strategieë omskep. Die boodskap van die Wêreldbank (Anon A,1997:4) in hierdie verband is duidelik, slegs lande met 'n beleid wat ontwikkeling daarstel en afhanklikheid teëwerk sal in die toekoms hulp ontvang. Regerings wat onwillig is om teen korrupsie op te tree sal geen verdere hulp ontvang nie.

Armoede word ook beskryf as die gebrek aan voedsel, kleding en noodsaaklike finansies vir 'n behoorlike lewenstandaard. Stephen P. Heyneman het die afgelope 22 jaar navorsing by die Wêreldbank gedoen oor kwaliteit in opleiding. Hy het 15 jaar gelede reeds aangedui dat ongeveer 25% van Suid-Afrika se swartbevolking tot 'n kultuur van armoede behoort (World Bank, 2001).

Navorsing deur Statistiek Suid-Afrika (2001) het bepaal dat die armoedeskaal ('n inkomste minder as R353 per volwassene per maand) op 49,9% te staan kom indien armoede individueel gemeet word. Armoede in Suid-Afrika manifesteer in negatiewe faktore soos swak gesondheid, onder- of wanvoeding, ontbering van voorregte, agterstand in onderwys, omgewings sonder ondersteuning (informele nedersettings en krotbuurte), kommunikasie- en taalagterstand, beperkte sosiale status en uitsiglose toekomsvisie. Suid-Afrikaners wat in armoede leef is kwesbaar, magteloos en geïsoleerd. Hierdie negatiewe toestande word geïnisieer en voortgesit deur faktore soos ontoereikende onderwys, gesondheidsorg en werkloosheid.


2.1.2 Faktore wat aanleiding gee tot armoede

Armoede word ook in terme van die essensiële en absoluut noodsaaklike omskryf. Basiese menslike behoeftes is die minimum wat elke persoon nodig om te kan oorleef soos byvoorbeeld voedsel, klere en behuising. Die kombinasie van armoede, geweld, sosiale chaos en haaglike lewensomstandighede is 'n vrugbare teelaarde vir die verspreiding van MIV/VIGS. Hierdie siektetoestand het op sy beurt weer 'n negatiewe invloed op die arbeidsmark (Fitzgerald, 2004).

Ontoereikende onderwys- en opleidingstelsels vir swart bevolkingsgroepe (as gevolg van ontoereikende uitgawe besteding) het daartoe gelei dat hierdie groepe lae produktiwiteitsvlakke met gepaardgaande lae lone ervaar.

Die rol van armoedestrikke ("poverty traps") en armoedesiklusse ("poverty cycles") in die versterking van heersende armoede kan nie geïgnoreer word nie. In figuur 2.3 is dit duidelik dat armes vasgevang is in 'n reeks boosaardige spirale wat mekaar versterk en dit het tot gevolg dat armes en hul kinders in armoede bly voort leef.

Fig. 2.3: Die Armoede siklus



Bron: Stiglitz, 2002.


Meting van armoede (Fitzgerald, 2004) was nog altyd 'n probleem veral wanneer in ag geneem word dat inkomste alleen nie 'n voldoende maatstaf is nie. Die ergste vorm van armoede is die tekort aan menslike hulpbronne soos byvoorbeeld behuising, skoon water, voedsame voedsel, opleiding en gesondheidssorgfasiliteite. Hierdie tekorte beïnvloed lewensverwagting en het ongeletterdheid, siektes en wanvoeding tot gevolg.

Die verligting van armoede sal dus van die Suid-Afrikaanse regering die daarstelling van 'n totaal nuwe kulturele-oriëntasie verg. Implisiteit in hierdie oriëntasie behoort 'n sterk drang tot verbeterde lewenstandaarde en fisiese welsyn te wees. Investering in menslike kapitaal sal dus ook gepaard gaan met 'n kultuurverskuiwing (The World Bank Group, 2002).

Die waarde van positiewe werkshoudings, -waardes, en -aspirasies behoort by die armklasse tuisgebring te word. Hoë motiveringsvlakke en ambisie is karaktertrekke van ekonomies-sukkesvolle mense. 'n Werker se loon en verdienste word geag as 'n opbrengs in die investering in menslike kapitaal. Die tipe menslike kapitaal wat die meeste aandag van arbeidsekonome verg is onderwys en opleiding. Daar is 'n sterk verband tussen die vlak van onderwys/opleiding en lewenstandaard. Die *South African Participatory Poverty Assessment* (SA-PPA) (1998) het bevind dat onderwys en opleiding 'n prioriteit is ten einde die arbeidsmark toeganklik te kan maak vir mindergegoede klasse en sodoende hulle lewenstandaard te verbeter.

Kinders uit behoeftige gesinne word soms verplig om die arbeidsmark te betree sodat hul families kan oorleef. Hierdie kinders het min of geen geleentheid om bo hul sosiale agtergrond uit te styg nie, aangesien hulle nie oor die nodige opvoedkundige kwalifikasies beskik nie. Die armoede siklus word dus weereens herhaal met hul eie kinders, soos aangedui in figuur 2.4 A.

Fig. 2.4: Onderwys as sistemiese oorsaak van armoede



Bron: Anon, 1999

Kinders wat geleentheid tot onderwys/opleiding het kan sodoende uit hierdie sosiale- en omgewingsbeperkinge bevry word. Figuur 2.4 B dui aan hoe kwaliteitsopleiding die armoedesiklus kan verander.

2.2 Tipes Armoede

Armoede is 'n term met heelwat negatiewe konnotasies wat geassosieer word met woorde soos *tekort* en *verwaarloosing*. Daar bestaan verskeie tipes armoede.

MacPherson en Silburn (1998:2) spesifiseer die mees algemene uitgangspunte in die definiëring van armoede naamlik absolute armoede-, relatiewe armoede- en 'n basiese-behoefte definisie.

2.2.1 Absolute armoede

Absolute armoede in die eenvoudigste vorm is verwant aan die kapasiteit om te kan oorleef. In hierdie formulering word slegs biologiese behoeftes erken wat gevolglik die kleinste moontlike beraming van persone in armoede weergee. Absolute armoede word omskryf volgens die absolute minimumstandaard, soms ook die armoedelyn genoem. Absolute armoede verwys na definitiewe fisiese behoeftes wat alle individue benodig om fisies te oorleef (Fitzgerald, 2004).

Moderne sosioloë kritiseer egter hierdie idee van absolute armoede aangesien dit 'n algemene en globale omskrywing is en nie sosio-ekonomiese verskille tussen lande en nasies in ag neem nie. Die relatiewe definisie van armoede word as alternatief aangebied.

2.2.2 Relatiewe armoede

Relatiewe armoede (Fitzgerald, 2004) beklemtoon die belangrikheid van sosiale deelname. MacPherson en Silburn (1998:2) meen dat geld self geen intrinsieke waarde het nie, maar wel die effek by gebrek daaraan op lewens en leefstyle van behoeftiges.

Die omskrywing van relatiewe armoede as begrip volgens MacPherson en Silburn (1998:2) is gebaseer op twee stelling aannames:

- Eerstens dat armoede net gedefinieer en verstaan kan word in die breër sosio-ekonomiese konteks van die gemeenskap waarin individue leef. Relatiewe armoede meet of 'n persoon arm is al dan nie, in vergelyking met ander individue in dieselfde omgewing.
- Die tweede aanname is dat enige gemeenskap 'n eiesoortige stel kulturele waardes en norme het en dat 'n omskrywing van armoede moet verwys na die stel keuses en verwagtings wat individue binne hierdie gemeenskap het.

Die relatiewe omskrywing bepaal dat dit vir alle individue moontlik moet wees om aan instansies in hul gemeenskap deel te hê. Individue moet ook tot alle moontlike dienste (Sien figuur 2.2) wat 'n basiese deel van die gemeenskap vorm toegang hê.

Die gevolgtrekking uit die bovermelde twee aannames is dat enige armoedelyn relatief tot die spesifieke gemeenskap bepaal moet word. Dit is 'n feitlik onmoontlike taak om die armoedelyn te bepaal aangesien omstandighede verander en dus so ook die wisseling in vlakke van armoede tot gevolg het.

Kritiek teen die relatiewe omskrywing is dat dit dus nie moontlik is om armoede te verminder nie aangesien gemeenskappe wat 'n toename in lewenstandaarde beleef, ook 'n styging in die armoedelyn behoort te ervaar.

2.2.3 Basiese behoeftes


Volgens Streak (2000:407) verkies tradisionele ekonome om inkomste of die gebrek daaraan as basis vir die omskrywing en meting van armoede te gebruik. 'n Persoon is gereken as behoeftig indien sy/haar inkomste of verbruik onder die minimumvlak wat nodig is om in sy/haar basiese behoeftes te voorsien, ressorteer. Hierdie minimumvlak word die armoedelyn ("poverty line") genoem.

Venter (2003) meen dat armoede meer behels as net die tekorte wat ervaar word as gevolg van die afwesigheid van inkomste. Die basiese-behoefte omskrywing verskil van die absolute armoede benadering aangesien dit 'n meer relatiewe omskrywing aanneem.

Die basiese-behoefte omskrywing vereis voldoening aan die minimum behoeftes van 'n gesin/familie vir persoonlike verbruik soos byvoorbeeld voedsel, skooling en kleres.

Toegang tot basiese dienste soos byvoorbeeld skoon drinkwater, sanitasie, vervoer, gesondheid en opleiding word geïmpliseer. Verder verwys dit na die bevrediging van behoeftes van 'n meer kwalitatiewe aard soos byvoorbeeld 'n gesonde omgewing en deelname in besluitneming (MacPherson and Silbur 1998:6) soos in Figuur 2.5 aangedui. Hierdie omskrywing neem die belangrikheid van ander persoonlike behoeftes en nie uitsluitlik fisiese behoeftes nie, in ag. Basiese behoeftes stel 'n minimumstandaard wat algemeen aanvaar word.

Figuur 2.5: Basiese menslike behoeftes



Bron: Max-Neef, 2005:3

MacPherson en Silburn (1998:2) meen dat die basiese-behoefte omskrywing die beste beskrywing van armoede gee. Hierdie omskrywing is 'n beter beskrywing as enige vorige pogings om 'n absolute algemene omskrywing van armoede in beide teorie en praktyk saam te stel. Armoede behoort hiervolgens as 'n sosiaal gekonstrueerde konsep met magtige kwalitatiewe en normatiewe komponente verstaan te word.


2.3 PERSPEKTIEWE OMTRENT ARMOEDE

2.3.1 Individualistiese benadering

Individuele benaderings word dikwels beskryf as slagoffer-blamerende verduidelikings. Teoretici soos byvoorbeeld Herbert Spencer, een van die vroeë Britse sosioloë, meen dat behoeftiges verantwoordelik is vir hul eie armoede of tekort. Fitzgerald (2004) beskryf behoeftiges as swak gesosialiseerd met gevolglik afwykende waardes en hulle vorm ook deel van 'n afwykende subkultuur. Volgens hierdie benadering is oorsake van armoede en ongelykhede gewortel in individuele gebreke of tekortkominge van een of ander aard. Die basis van hierdie benadering is dat onsedelike gedrag van 'n individu sy/haar armoede veroorsaak.

Spencer het geglo dat behoeftiges geensins enige ondersteuning behoort te kry nie (*Laissez faire*). Hy het geglo dat hulle almal betrokke in 'n immorele lewenstyl is en daarom behoort geen moeite gedoen te word ten einde behulpsaam te wees in die oplossing van die armoede probleem nie. Daar bestaan geweldig kritiek teenoor hierdie benadering aangesien dit opsigtelik onwaar is. (Anon. 2004:3). Dit is onredelik om behoeftiges te verkwalik vir hul armoede. Behoeftiges wil sekerlik nie in 'n toestand van armoede verkeer nie, dit is dus nie hul eie keuse nie.

Figuur 2.6: Herbert Spencer



Bron: Samuels, 1997.

2.3.2 Kulturele benadering

Die kulturele benadering is meer gesofistikeerd as die weergawe van individualistiese oorsake van armoede. Tylor (Fritzgerald, 2004) blameer nie die individu vir sy eie armoede nie, maar wel die persoon se kulturele agtergrond. Individuele kultuur soos byvoorbeeld geloof, waardes, houding, algemene gedragspatroon en taal is volgens Tylor die oorsaak van armoede of dra by om armoede te handhaaf.

Oscar Lewis (1914-1970), 'n antropoloog, het in verskeie agterbuurte in Suid-Amerika navorsing oor armoede gedoen. Hy het armes in hul eie, onmiddellike omgewing bestudeer. Hy meen dat behoeftiges 'n ander kultuur as hul eie aanneem, 'n subkultuur wat verskil met die res van die gemeenskap. Lewis het dit 'n kultuur van armoede genoem (Fritzgerald, 2004).

Figuur 2.7: Oscar Lewis



Bron: Anon, 2003 C:1

Lewis meen dat die kultuur van armoede veroorsaak het dat behoeftiges:

- 'n houding van noodlottigheid aanneem, hulle glo dat dit 'n hopelose situasie is en daarom geensins probeer om hul situasie te verbeter nie.
- 'n teenswoordige tydoriëntasie het, hulle leef vir vandag in plaas daarvan om vir môre te beplan.
- nie opleiding en opvoeding as 'n uitweg vir hul armoedesituasie sien nie.
- nie die nodigheid daarvan sien om geld te spaar nie.

Lewis is verder van mening dat al hierdie faktore bydra om armes in hulle toestand van behoefte te hou en daarom kan kultuur dus 'n refleksie wees van die situasie waarin behoeftiges hulself bevind. Hierdie kultuur kan tot gevolg hê dat behoeftiges nie belang stel in opleiding nie, aangesien hulle meen dat opleiding nie hul omstandighede (soos byvoorbeeld werkseleenthede) kan verander nie.


Daar bestaan wel kritiek teen hierdie benadering. Marxistiese teoretici meen dat daar nie so 'n armoede kultuur bestaan nie en dat alle behoeftige- en welgestelde persone dieselfde kultuur deel. Die Marxistiese siening word vervolgens bespreek.

2.3.3 Marxistiese benadering

Die Marxistiese benadering van armoede en ongelykheid se vertrekpunt verskil radikaal van die benaderings tot dusver bespreek. Marxiste blameer nie armes of hul kultuur vir eie behoeftigheid nie. Ralph Miliband (Anon, 2003 D) meen dat armes deel van die werkersklas is – die mees behoeftige en benadeelde stratum. Marxiste soek vir oplossings in die struktuur van 'n gemeenskap, in bestaande ekonomiese samestelling en in die doel wat armoede dien vir kapitalisme of die kapitalistiese klas. Eenvoudig gestel, volgens die Marxiste, is die rede vir armoede en ongelykheid gesetel in die markgebaseerde kapitalistiese ekonomie en die fluktuasies waardeur sulke ekonomieë van tyd tot tyd gaan.

Kapitalisme is soos gestel deur Tressell in sy bekende sosialistiese novelle "*The Ragged Trousered Philanthropist*" (Tressell, 2004) oorstroom in besittings, arbeid, masjinerie- en gevolglik individue wat geensins enige tekort beleef nie. Kapitalisme is 'n ekonomiese sisteem waarin die gemiddelde produksie deur privaat individue besit en beheer word. Hierdie privaat individue word deur Marx (Anon, 2003 B) kapitaliste genoem. Kapitaliste neem loonarbeiders in diens om in hul fabriek artikels te vervaardig en 'n loon in ruil daarvoor te ontvang. Op die oogaf lyk dit asof kapitalisme geensins armoede vermeerder nie. Arbeiders word betaal vir hul mannekrag, dit wil sê hul vermoë tot arbeid. Die waarde van mannekrag word beraam deur dit wat benodig word om mannekrag en toekomstige reproduksie moontlik te maak. Dit is die basis van ongelykheid. Die kapitalistiese sisteem veroorsaak egter ook armoede en ongelykheid aangesien die sisteem nie volle werkskepping kan voorsien nie. Kapitalisme is 'n produksiesisteem, 'n ekonomie waarin sommige die eienaars van produkte is en die ander meerderheid hul arbeid verkoop. Figuur 2.8 verduidelik die kapitalistiese sisteem.

Figuur 2.8: Piramide van kapitalistiese sisteem



Bron: Anon, 2003D.

Kapitalistiese teoretici soos James Mill en Jeremy Bentham het geglo dat 'n gemeenskap wat min inmenging van die regering geniet 'n waarborg is vir sukses (Sarup, 1988). In teenstelling hiermee fokus strukturalisme op die belangrike rol van die regering in ontwikkelende ekonomieë. Die strukturele benadering word vervolgens meer volledig bespreek.

2.3.4 Strukturele benadering

Struktuur verwys na die manier waarop dele van "iets" saamgevoeg is. Die strukturele- of materialistiese-benadering van armoede poog om die breër sosiale determinasie van armoede te verduidelik. Ekonomiese-, politiese- en sosiale strukture in die gemeenskap word aangevoer as oorsake van armoede.

Strukturaliste soos Hans Singer (Sarup, 1988) wat die strukturele benadering aanhang, verwerp die individualistiese benadering van kulturele armoede en fokus eerder op biografiese faktore. Met hierdie siening word gepoog om 'n holistiese benadering vir armoede daar te stel en die blaam vir armoede te plaas op die gemeenskap as geheel of op invloede van ander sisteme buite die individu.

Vir doeleindes van hierdie navorsing word voortaan op die sistemiese benadering gefokus. Ludwig von Bertalanffy het die Algemene Sisteemteorie bekend gestel.

2.4. BIOGRAFIE VAN LUDWIG VON BERTALANFFY

Ludwig von Bertalanffy (1901-1972) is in 1901 in Atzgersdorf, Duitsland gebore. Von Bertalanffy ontvang gedurende 1926 sy PhD aan die Universiteit van Wenen. Hy het die werke van Jean Lamarck, Charles Darwin, Haeckel en Marx bestudeer. Von Bertalanffy was 'n professor in teoretiese biologie aan die Universiteit van Edmonton van 1961-1969. Hy is oorlede in 1972 in Buffalo, New York. Hierdie bioloog het gedurende die 1940's die Algemene Sisteemteorie bekendgestel.

Die mens is 'n sisteem in wisselwerking met ander sisteme. In die Algemene Sisteemteorie word 'n duidelike uiteensetting gegee van sisteme asook die wedersydse invloed daarvan op mekaar.

Fig 2.10: Ludwig von Bertalanffy



Bron: *International Encyclopedia of the Social Sciences*, vol. 18,56

Von Bertalanffy het, behalwe die biologiese-, ook die psigologiese-, sosiale- en geskiedkundige vlakke van sisteme in ag geneem. Hy het die daarstelling van 'n algemene teorie, wat oor deeglike beginsels en modelle beskik en toepaslik op alle sisteme is, beoog.

Gedurende 1949 verskyn sy eerste publikasie oor die Algemene Sisteemteorie en hierna het verskeie ander publikasies gevolg (*Internasional Encyclopedia of Sciences*, vol. 18, pp. 56-59).

Hy benadruk dat werklike sisteme "oop" is, dit wil sê in interaksie en in wisselwerking met die omgewing is. In plaas daarvan om entiteite (bv. die menslike liggaam) tot elemente (bv. selle of organe) af te breek fokus die Algemene Sisteemteorie op die rangskikking van dele. Verhoudings tussen dele wat tot 'n geheel verbind is (holisme) word in hierdie teorie ondersoek. Die organismiese konsep van lewe is deur von Bertalanffy ontwikkel in 'n algemene teorie van biologie wat later die grondslag gelê het vir die Algemene Sisteemteorie.

Die organismiese konsep het na die organisme verwys as 'n georganiseerde sisteem. Hierdie spesifieke organisasie veronderstel 'n sisteem wat onafhanklik van die konkrete werklikheid van sisteme is. Sisteemkonsepte van die Algemene Sisteemteorie sluit die sisteem-omgewing, grense, inset, uitset, proses, hiërargie, doelgerigtheid en rigting in.


2.5 DIE ALGEMENE SISTEEMTEORIE

2.5.1 Inleiding tot sisteme

“Die sosiologie en by implikasie Bedryfsosiologie as 'n aspektsosiologie beskik soos in die geval van enige ander vakwetenskap oor 'n verskeidenheid denkraamwerke, teoretiese perspektiewe of verwysingsraamwerke asook paradigmas wat bepaalde sosiologiese of sosiale verskynsels in perspektief plaas en/of selfs moontlike verklarings daarvoor bied. Hieruit is dit duidelik dat bepaalde sosiologiese perspektiewe of teorieë gebruik moet word om sodoende sekere sosiale aspekte in perspektief te plaas of te verklaar (Kruger, 2000:19).

Die strukturele benadering, soos in paragraaf 2.3.4 bespreek, stel dat armoede veroorsaak word deur ander sisteme in die onmiddellike omgewing van die individu. Hierdie benadering integreer analitiese en sintetiese metodes, insluitende holisme en reduksionisme. Holisme sluit fisiese, emosionele, sosiale en geestelike aspekte van die mens in (Sien figuur 2.9).

Figuur 2.9: Konsep van holisme.



Bron: Rupert en Frandsen, 2005.

'n Sisteem, volgens 'n baie vereenvoudigde beskrywing, is 'n groep eenhede wat gekombineer is om saam 'n geheel te vorm en in harmonie met mekaar te funksioneer.

Hall en Fagan (Joslyn en Turchin, 1993) meen dat 'n sisteem 'n stel saamgevoegde objekte is, met 'n spesifieke verhouding tussen die verskillende objekte. Hulle meen ook dat:

- enige sisteem beskik oor onderskeidende eenhede, wat elemente genoem word;
- hierdie elemente in 'n sekere verhouding tot mekaar staan en 'n geïntegreerde geheel vorm om 'n sekere funksie te uit te voer.

Skyttner (1996:16) het 'n meer pragmatiese definisie vir 'n sisteem. Hy beskryf 'n sisteem as 'n georganiseerde groep persone met 'n spesifieke doelstelling, saamgebund deur kommunikasieverbindings.

Ackoff (1981:2) gee 'n meer wetenskaplike definisie vir sisteme. Volgens hom is 'n sisteem 'n stel van twee of meer elemente, wat oor drie eienskappe beskik naamlik:

- die gedrag van elke element het 'n invloed op die geheel;
- die gedrag van die elemente en die invloed daarvan op die geheel is interafhanklik;
- subgroepe word gevorm en het 'n invloed op die gedrag van die geheel, maar geen element het 'n onafhanklike invloed op die geheel nie.

Hegel (Skyttner, 1996:18) het, in *The Science of logic*, die volgende verklaring oor die aard van sisteme gemaak:

- Die geheel is groter as die som van sy dele;
- Die geheel definieer die aard van sy dele;
- Die dele kan nie verstaan word deur die geheel te bestudeer nie;
- Die dele is dinamies verwant en interafhanklik.

Volgens Heylighen (1998) konsentreer die sistemiese benadering op die:

- vereniging en interaksie tussen elemente;
- bestudering van die effek van interaksie;
- beklemtoning van globale persepsie;
- gelyktydige aanpassing van groepe veranderlikes; en
- aanleiding tot multidissiplinêre opvoeding.

Mense het dieselfde aard as organismes en enige organisme word gereken as 'n "oop sisteem". Om hierdie rede vind die Algemene Sisteemteorie goeie toepassing in hierdie navorsing. Organismes nie kan oorleef sonder voortdurende wisselwerking met die omgewing nie.

2.5.2 Omskrywing van die Algemene Sisteemteorie

Sisteme het interaksie met ander sisteme buite hulself. Hierdie interaksieproses bestaan uit twee komponente naamlik insette en uitsette. Insette betree 'n organisme of sisteem van buite terwyl uitsette die organisme verlaat na die onmiddellike omgewing. 'n Uitset is gewoonlik die gevolg van 'n inset.

Die Algemene Sisteemteorie is 'n interdisiplinêre studie van die abstrakte organisasie van verskynsels (fenomene) onafhanklik van hul tipe, inhoud en ruimtelike of tydelike bestaan. Hierdie teorie ondersoek die beginsels algemeen aan alle komplekse entiteite en die modelle wat gebruik kan word om dit te beskryf.

Heylighen (1998) meen dat die omgewing van 'n organisme (persoon) bestaan uit ander sisteme (persone) in interaksie met hul eie omgewing. As gevolg van die interaksie vorm die verskillende subsisteme saam 'n geheel. Die geheel word gereken as 'n supersisteem, waarvan die som groter is as die dele van subsisteme.


In 'n sisteem vind twee prosesse plaas, a) versterking stimuleer groei in die sisteem en b) die proses van homeostase (balans) stimuleer of inhibeer groei. Dit is noodsaaklik dat die inhiberende- en bevorderlike faktore verstaan word, aangesien dit ons in staat kan stel om groei en volhoubare ontwikkeling daar te stel.

Een van die aannames van die Algemene Sisteemteorie is dat die mees basiese behoefte van die mens is om sy wêreld as georden waar te neem, dit wil sê in homeostase (balans) met die omgewing te verkeer.

Die uitsette van 'n sisteem is die direkte of indirekte gevolg van die inset. Aangesien uitsette daadwerklik verskil van insette, is die sisteem 'n "aktiewe prosessor".

Die transformasieproses wat plaasvind, van 'n inset na uitset, word die toevoerproses ("throughput") genoem. Figuur 2.11 verduidelik die basiese komponente van 'n sisteem, soos verstaan in die Algemene sisteemteorie.

Fig 2.11: 'n Sisteem in interaksie met omgewing




Bron: Heylighen, 1998.

Die Algemene Sisteemteorie is gebaseer op die aanname dat daar universele beginsels van organisering bestaan. Hierdie beginsels geld vir alle fisiese-, chemiese-, biologiese-, intelligensie- en sosiale sisteme (Heylighen, 1998).

2.5.3 Toepassings van die Algemene Sisteemteorie in die verligting van armoede

Die Sosiale Sisteemteorie het ontwikkel vanuit die Algemene Sisteemteorie. Die eerste denkskool van die Sosiale Sisteemteorie het 'n eiesoortige aanslag wat deur Russell Ackoff (1974) as "probleemoplossend" beskryf is. Dit het ontstaan by 'n groep denkers wat tot en met 1960 hoofsaaklik in operasionele navorsing en stelselsimulasie gespesialiseer het. Hierdie teoretici het gefokus op dinamiese sisteemmodelle vir nywerheidsontwikkeling, stedelike ontwikkeling en wêreldsisteemdinamika. Latere werke het minder gefokus op formele modellering van sisteme en meer klem gelê op die toepassing van die sisteemteorie in probleme met omgewings-, gemeenskapsverval en organisasie ontwikkeling.

Figuur 2.12: Die Sosiale Sisteem Model



Bron: Bridgeforth, 2005.

Die Sosiale Sisteem (sien figuur 2.12) bestaan uit 'n interne- en eksterne omgewing. Die eksterne omgewing word saamgestel uit verskillende sisteme naamlik die regering, wetgewing, industrieë, aandeelhouers en verbruikers. Intern omsluit kultuur die ses interafhanklike elemente naamlik doel, strategie, mense, sisteme, struktuur en prosesse. Daar bestaan 'n interafhanklikheid tussen interne- en eksterne sisteme (Bridgeforth, 2005).


Tustin (1994: 40) het só 'n dinamiese-sisteemmodel daargestel. Hy meen dat enige organisasie, dit wil sê ook die boerderybedryf 'n komplekse sosiale sisteem is. Figuur 2.13 is saamgestel om die oopsisteem-benadering van arbeidsverhoudinge in die organisasie te illustreer. Dit illustreer die organisasie, waarin verskillende aktiwiteite plaasvind, as die kernelement.

Die voortdurende herhaling van verskillende inset-, uitset-, transformasie- en herinsetprosesse word ook aangedui.

Hoofkomponente van die raamwerk sluit in:

- Die organisasie
- Die omgewing
- Insette
- Uitsette
- Transformasie
- Terugvoer

FIGUUR 2.13: 'n Raamwerk van die arbeidsverhoudinge sisteem



Bron: Tustin, 1994: 42 (Saamgestel deur navorser).

Die raamwerk fokus op verhoudinge tussen werknemers, werkgewers asook die gemeenskap met die inagneming van 'n billike, regverdige en bestendige balans tussen die onderskeie partye se belange. Arbeidsverhoudinge (Tustin, 1994:21) is 'n interdisiplinêre studieveld wat voortdurend poog om die dinamiese individuele en kollektiewe verhoudinge tussen werkgewers en werknemers in 'n organisasie wat in die breër omgewing funksioneer te handhaaf, met die siening dat beide partye se basiese behoeftes aangespreek word. Die sentrale gedagte vanuit die raamwerk is dat werknemers en werkgewers as individue geag moet word wat 'n deurslaggewende en vindingryke rol in die sosiale sisteem speel en 'n belangrike bydrae vir die samelewing lewer.

Die Algemene Sisteemteorie vind goeie toepassing in die verligting van armoede in Suid-Afrika. Spies (2004:98) meen dat daar vanuit hierdie teorie sekere rigtingwysers geïdentifiseer kan word wat armoede kan verlig deur te fokus op menslike ontwikkeling.

2.6 MENSLIKE-ONTWIKKELING

Volgens die Sosiale Sisteemteorie (Garajedaghi, 1999) is "mense-ontwikkeling 'n lerende en skeppende proses waardeur 'n persoon sy/haar vermoëns en begeerte versterk om nie alleenlik selfversorgend te wees nie, maar ook om sy/haar gemeenskap en omgewing te dien".


Vir die algemene verhoging van welvaart is 'n toepaslike tegnologiese kultuur en vaardige mense nodig. In Suid-Afrika is 'n tekort aan gepaste, geskoolde persone en bestaan daar 'n surplus ongeskoolde persone as gevolg van die stand van menslike -ontwikkeling in die land. As gevolg van hierdie kringloop van omstandighede word lae vlakke van ekonomiese groei onderskei. Ekonomiese prestasie is belangrik vir armoedeverligting omdat lae ekonomiese groei met stygende werkloosheid en stygende armoede in Suid-Afrika verband hou (de Lange, 1996).

In die landbousektor handel die probleem hoofsaaklik oor onopgeleide arbeid – dus eerder 'n geval van gebrekkige opleiding as gebrekkige betaling (du Preez, 2001). Behoeftiges is vasgevang in 'n gevoel van hulpeloosheid omdat hulle nie oor die vermoë, of geleenthede, beskik om 'n wesenlike bydra tot hul eie heil te lewer nie. Om hierdie rede is armoede in Suid-Afrika 'n primêre obstruksie teen volhoubare ontwikkeling van die land. Sosiale, demografiese, kulturele en politieke faktore het oor die jare 'n ekonomiese wig in die Suid-Afrikaanse samelewing ingedryf. Toenemende armoede in uitkringende plakkerskampe en die dreigende verval in sommige stedelike gebiede is duidelik waarneembaar.

Volgens die sosio-ekonomiese en inkomste-indikatore (The World Bank Group, 2004) leef ongeveer die helfte van Suid-Afrika se bevolking in 'n staat van armoede – nieteenstaande goeie vordering sedert 1994 in die voorsiening van behuising, water en elektrisiteit aan arm gemeenskappe. Prof. Geoff Antrobus, hoogleraar in die landbou-ekonomie aan die Rhodes-universiteit in Grahamstad, het 'n opname in die distrik Albanië, Wes-Kaap gedoen. Hy meen dat die waarde van byvoordele in sommige gevalle tot soveel as 43% van werkers se lone verteenwoordig het. Na inwerkingstelling van die wet (08/2002) het werkgewers nuwe kontrakte met hul werkers beding en betaal hulle in baie gevalle nou slegs die minimumloon (du Preez, 2004:3). Ongelukkig is dit werkers wat daaronder lei en hoewel hulle kontantloon verhoog is, betaal hulle nou self vir sekere lewensmiddele.

Suid-Afrika het 'n baie hoë misdaadsyfer wat steeds jaarliks styg (Sien figuur 2.14). Masuku (2002) meen dat namate werkloosheid toeneem dit kan lei tot 'n nuwe vlag diefstal en geweld in landelike gebiede. Deur slegs in materiële behoeftes te voorsien is nie die antwoord op die armoede probleem nie.

Figuur 2.14: Aantal geweldsmisdade gerapporteer aan die SA Polisie diens, Maart 1994 – Maart 2002




Bron: Masuku, 2002.

Statistiek (Masuku, 2002) toon dat geweldsmisdade beïnvloed word deur faktore soos oorbevolking, swak behuising en 'n tekort aan infrastruktuur en ontwikkeling. Informele behuising is dikwels oorbevolk met min spasie wat kan aanleiding gee tot frustrasie en spanning tussen individue. Hierdie omstandighede kan ernstige viktimisasie en oortredings tot gevolg hê.

Figuur 2.15 dui die emosionele-, fisies/biochemies- en verstandelike/geestelike aspekte van die mens aan. Die ideaal is om 'n goeie balans tussen hierdie drie aspekte te handhaaf en sodoende volhoubare mense-ontwikkeling te verseker.

Figuur 2.15: 'n Menslike gesondheid en welstand model



Bron: Niehaus, 2006: 5

Makro-ekonomiese faktore soos byvoorbeeld lae besparing, lae investering, inflasiedruk en die hoë nasionale skuld is belangrike obstrukties in die weg van mense-ontwikkeling. In die ekonomie bestaan daar ook strukturele probleme soos politieke obstruksie in die arbeidsmag, skewe verdeling van inkomste en swak mense ontwikkeling. Mohr (Niehaus, 2006) voer aan dat die verwydering van hierdie faktore kan lei tot volhoubare ekonomiese ontwikkeling.

Die *Poverty and Inequality Report (PIR)* is in opdrag van die regering en ander rolspelers opgestel (Wilkens, 1998). Die verslag gee 'n oorsig van armoede en inisiatiewe wat huidiglik aangewend word om armoede in Suid-Afrika te verlig. Die verslag poog om staatsdepartemente wat direk met armoede gemoeid is te ondersteun om op 'n gekoördineerde wyse op te tree en nuwe strategieë in plek te kry. Die staat alleen kan nie daarin slaag om armoede te verlig nie. Gemeenskappe, organisasies, kerke en individue se betrokkenheid is nodig om 'n verskil aan die lewenskwaliteit van die meerderheid Suid-Afrikaners te maak.

Die huidige Suid-Afrikaanse regering het in 1994 met die Heropbou- en ontwikkelingsprogram (HOP) 'n verskeidenheid van aksies in die vooruitsig gestel om die armoedekwessie in Suid-Afrika aan te spreek. Die strategieë het veral gefokus op die bevrediging van basiese behoeftes en die ontwikkeling van die land se menslike hulpbronne.

Die oplossing vir armoede is nie so eenvoudig as daar slegs op werkskepping gefokus word nie. Armoedeverligting word gekonfronteer met 'n kringloop van oorsaak en gevolg.

2.7 GEVOLGTREKKING

Armoedeverligting is 'n komplekse menslike ontwikkelingsproblematiek en dit vereis 'n sistemiese benadering. Oorsaaklike faktore van armoede word uit verskillende dissiplines omskryf as 'n sosiale-, ekonomiese-, vaardigheid-, estetiese-, politieke- of motiveringsprobleem. Armoede word nie verklaar aan die hand van die onderskeie perspektiewe nie, maar as gevolg van die versterkende band tussen hierdie perspektiewe. Oplossings vir die armoedeprobleem behoort dus transdissiplinêr gesoek te word.

Die oplossing lê volgens Spies (2004: 113) in:

- die verandering van wêreldbeskouings en lewensomstandighede waarin behoeftiges lewe;
- die opheffing van hoop en aspirasies;
- die ontwikkeling van toepaslike vermoëns en vaardighede by mense, en
- die skepping van geleenthede waarbinne hierdie vermoëns ekonomies benut kan word.

Die Algemene Sisteemteorie vind toepassing in feitlik alle situasies waar interaksionele besluitneming ter sprake is. Hierdie teorie bied 'n programontwerp waarvolgens armoedeverligting in Suid-Afrika volhoubaar bestuur kan word.

Volgens Willemse (2006) maak die landbousektor vandag steeds gebruik van 'n markgerigte, kapitalistiese benadering. Hy meen egter daar moet gefokus word op 'n meer regverdige stelsel vir die vrye mark ten einde kapitalisme te ontwikkel. Dit is 'n feit dat die landbousektor (op 'n kommersiële basis) die meeste werksgeleenthede skep per R1 miljoen belê en dit het 'n groot vermenigvuldigingseffek om welvaart te versprei. Dit word aanvaar dat die landbousektor nie afgeskerm kan word van internasionale mededinging nie, maar die regering behoort 'n regverdige landbou-handelsbeleid daar te stel. So 'n beleid kan daartoe bydra dat boere groter belleggings in produksie en verwerking van produkte kan maak.

In hoofstuk 3 word die sosio-ekonomiese aspekte, asook die impak daarvan op armoede, bespreek.

HOOFTUK DRIE

HOOFSTUK 3

DIE INVLOED VAN 'N MINIMUMLOON OP WERKLOOSHEID, ARMOEDE EN ANDER SOSIO-EKONOMIESE ASPEKTE


3.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is armoede aan die hand van die Algemene Sisteemteorie beskryf. In hierdie hoofstuk word die verskillende sosio-ekonomiese aspekte van armoede bespreek.

Verligting van armoede is direk verwant aan sosio-ekonomiese aspekte soos byvoorbeeld opvoeding, gesondheidstatus en werksgeleenthede. Indien hierdie kwessies nie suksesvol aangespreek word nie, sal omgewingshulpbronne uiteindelik uitgeput raak.

Die Noordwes-provinsie se ekonomie word saamgestel uit 'n verskeidenheid sektore waarvan die landbou- en mynbousektor hoofbydraers is. Figuur 3.1 dui die landbousektor se bydrae tot die Bruto Binnelandse Produk (BBP) in die Noordwes-provinsie aan.

Figuur 3.1: Persentasie sektorale bydraes tot BBP in die Noordwes-provinsie



Bron: Meintjies, 2000.

Die landbousektor voorsien meer as 80 000 formele werksgeleenthede in die Noordwes-provinsie (Tlhadi et al, 2002:2). Die ekonomiese status van die provinsie toon afhanklikheid van produksie in primêre handelsartikels soos byvoorbeeld goud, platinum en landbouprodukte. Die waarde van hierdie produkte word deur wêreld-handelsprys en gunstige/ongunstige klimaatstoestande bepaal.

Die Noordwes-provinsie het tussen 1991 en 1996 'n afname in ekonomiese groei getoon. Moontlike implikasies van lae ekonomiese groei is verhoogde armoede, werkloosheid en misdaad (Tlhadi et al, 2002:2). Die verskillende sosio-ekonomiese aspekte van armoede word vervolgens bespreek.


3.2 SOSIO-EKONOMIESE ASPEKTE

3.2.1 Werkloosheid

'n Persoon wat gewillig en in staat is om te werk maar nie 'n betrekking teen vergoeding kan kry nie word as werkloos geag. Werkloosheid het verhoogde armoede, misdaad, politieke onstabiliteit en verswakte gesondheidstandaarde tot gevolg. Om hierdie redes is Suid-Afrika se grootste uitdaging om werkloosheid te verminder en werksgeleenthede te skep.


Siebert het 'n internasionale studie gedoen om die verband tussen werkloosheid, hoër lone en vakbondbetrokkenheid te bepaal (Siebert, 2001). Suid-Afrika is met agt ander lande naamlik Australië, Brasilië, Ierland, Korea, Malasië, Nieu-Zeeland, Pole en Turkeie vergelyk. Siebert meen dat wetgewing wat betrekking het op werksekuriteit (soos byvoorbeeld die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en Sektorale vasstelling) nie noodwendig werkloosheid verhoog nie. Hierdie tipe wetgewing het wel 'n invloed op die duur of tydperk van werkloosheid (Sien Figuur 3.2).

Figuur 3.2: Invloed van arbeidswetgeving op werkseleethe




Bron: Siebert, 2001: 28

Figuur 3.3: Vergelyking van werkloosheid met 'n toename in vakbondbetrokkenheid



Bron: Siebert, 2001: 24

Figuur 3.4: Vergelyking van werkloosheid met 'n toename in loonverhoging



Bron: Siebert, 2001: 25

Tabel 3.1: Vakbondbetrokkendheid vanaf 1985-1995

Country	Trade union density				Remarks (for details see Appendix)
	1985		1995		
	Percent of non-agricultural workforce (1)	Percent of wage and salary earners (2)	Percent of non-agricultural workforce (3)	Percent of wage and salary earners (4)	
					Change 1995-1985 (4) - (2)
Australia	41%	50%	29%	35%	-15
Brazil	(13-30) ^a		32	44	16
Ireland	41	56	36	49	-7
Korea	9	12	9	13	1
Malaysia	14	—	12	13	0
New Zealand	47	54	23	24	-20
Poland	44	59	27	39	-20
South Africa	16	18	22	41	23
					Decentralised bargaining since late 80s
					New pro-union 1988 Constitution after years of military rule
					Deregulation following Thatcher
					Democracy Declaration in 1987 after military rule, but unions still restrained
					Regime closely controls unions – banned in semiconductor industry
					Deregulation – Employment Contracts Act of 1991
					Fall of communism in 1990 – Poles are pro-capitalism
					Fall of apartheid in 1994 as a result of union power has led to union-friendly laws

10

Bron: Siebert, 2001: 26


Figuur 3.3 en 3.4 bevat vergelykende data oor werklike lone, werkloosheid en die betrokkenheid van vakbonde, asook unielidmaatskap in die nege lande. Uit tabel 3.1 is dit duidelik dat Suid-Afrika sedert 1990 'n relatiewe hoë toename in werkloosheid gehad het. Siebert (2001:23) skryf hierdie toename in werkloosheid toe aan verhoogde vakbondbetrokkenheid aangesien Suid-Afrika een van die hoogste syfers in vakbondbetrokkenheid het. Daar bestaan 'n sterk positiewe verband tussen uniebetrokkenheid, hoër lone en werkloosheid. Alhoewel arbeidswetgewing nie werkloosheid verhoog nie bied dit nogtans geen oplossing vir die werkloosheidprobleem nie.

Hoë werkloosheidsyfers is kenmerkend van die Noordwes-provinsie. Die *State of Environment Report 2002, North-West Province, South Africa* (Tlhadi et al, 2002) het aangedui dat slegs 60,7% van die provinsie se populasie ekonomies aktief is. Die potensiele arbeidsmag bestaan uit 1,2 miljoen mense, waarvan slegs 62,3% werkseleenthede het. Die meerderheid mense in hierdie provinsie volg 'n elementêre beroep wat gekenmerk word aan lae vaardigheidsvlakke.

Armoede affekteer ongeveer 62% van die provinsie se populasie. Figuur 3.5 dui die werkloosheid-armoede verspreidingsanalise vir Suid-Afrika aan. Noordwes is die tweede hoogste provinsiale figuur wat armoede aanbetref in hierdie grafiek. Hoe hoër die werkloosheidsyfer, hoe meer onseker is voedselsekurniteit. Dit het gevolglik 'n spiraaleffek op ander sosiale elemente soos gesondheid en misdaad.

'n Verslag van *The Development Bank of South Africa* (DBSA) het aangedui dat ongeveer 33,9% van werklose persone in Suid-Afrika in stedelike gebiede woon en 66,1% in plattelandse gebiede (The World Bank Group, 1998/1999).

Figuur 3.5: Werkloosheid-armoede verspreidingsanalise van Suid-Afrika vir 1996




Bron: The World Bank Group, 1998/1999

3.2.2 Gestremdheid

Volgens Statistiek SA (1996) is ongeveer 4,3% van die totale populasie in Suid-Afrika gediagnoseer met een of ander tipe gestremdheid. In die Noordwes-provinsie is daar 7,1% gestremde persone. Figuur 3.6 gee 'n aanduiding van die verskillende tipes gestremdhede.

Figuur 3:6 Verspreiding volgens tipe gestremdheid in die Noordwes-provinsie



Bron: Statistiek Suid-Afrika, 1996. (Saamgestel deur navorser)

Gestremde persone word ook aan armoede blootgestel. Dit is vir die meerderheid van die samelewing moeilik om te aanvaar dat gestremdes dieselfde hoeveelheid werk as sogenaamde "normale" mense kan verrig (Sidiropoulos et al, 1997:349). Gedurende Maart 1996 was slegs 0.3% gestremde persone in die ekonomiese sektor werksaam (Statistiek Suid-Afrika, 1996). Beleidsbepalings het wel sedert 1994 'n geringe styging in werkseleenthede vir gestremdes voorsien, maar gestremdes voer dikwels 'n behoefte bestaan aangesien samelewingstrukture nie ten volle voorsiening maak vir hul besondere behoeftes nie.

3.2.3 Bejaardesorg

Dit is veral ouer mense wat nog nie kwalifiseer vir ouderdomspensioen óf geen pensioen ontvang nie, wat in armoede gedompel is (Wilson en Rampele, 1989:180-181). Ouer persone vind dit baie moeilik veral in die vyf tot tien jaar voor aftrede, om werk te kry selfs in gevalle waar 'n persoon ontslaan word uit 'n pos/betrekking waarin hy/sy jarelange ervaring het. Hierdie persone wat aftree-ouderdom nader se gesinne word in armoede gedompel en die probleem word eers wanneer hy/sy aftree-ouderdom bereik tot 'n mate verlig.

Navorsing in Nkandla, Kwazulu-Natal (Uys, 1997:5) het getoon dat bejaardes 'n toename in inkomste toon tot op ongeveer 54-jarige ouderdom, waarna dit 'n drastiese afname toon tot die ouderdom van 65-jaar.

3.2.4 Misdaad

Kriminoloë in Suid-Afrika is voorstanders van die benadering dat die vermindering van armoede sal lei tot 'n afname in misdaad (Naudé, 1989:19). Met die bekendstelling van die Misdaadvoorkomingsplan gedurende 1996 is van die veronderstelling uitgegaan dat die verligting van armoede en die gevolglike verbetering in lewenstandaard, misdaad sal voorkom. Daar is egter geen waarborg dat die verligting van armoede misdaad sal laat afneem nie.

Skogun (1990:75) meen dat daar wel 'n verskil in die misdaadpatrone van verskillende sosio-ekonomiese groepe is. Misdade soos korrupsie, bedrog en beroepsverwante misdrywe word gepleeg in meer gegoede groepe terwyl gewelddadige misdade soos moord, verkragting, aanranding en verswarende roof meer gereeld onder arm groepe voorkom. Hierdie tendens is ook kenmerkend in Suid-Afrika. Suid-Afrika het die hoogste gewelddadigheidsyfer in die wêreld. Behoeftiges is slagoffers van persoonlike misdade in teenstelling met welgesteltes wat slagoffers van eiendoms misdade is.

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat dit nie soseer armoede is wat aanleiding gee tot misdaad nie, maar eerder negatiewe sosio-ekonomiese toestande. Negatiewe sosio-ekonomiese toestande sluit 'n lae opvoedingspeil, swak beroepsopleiding, werkloosheid, drank- en dwelmmisbruik, swak behuisingstoestande en oorbevolking in.

3.2.5 Kindersorg

Volgens beraming leef ongeveer 40% van Suid-Afrikaanse kinders in armoede en verwaarloosing (Suid-Afrika, 1996).

Die Suid-Afrikaanse regering het gedurende 1997, aan die hand van voorstelle uit die Lundverslag, besluit om 'n kinderondersteuningsvoordeel in te stel (Sidiropoulos et al, 1997:440-441). Hierdie voordeel behels die betaling van 'n vasgestelde bedrag aan die primêre versorger van behoeftige kinders onder die ouderdom van nege jaar. Alhoewel hierdie voordeel verligting bied, is dit egter nie genoegsaam om in alle behoeftes te voorsien nie.

Die vernietigende uitwerking van armoede is duidelik sigbaar in die verskillende manifestasies van armoede, soos byvoorbeeld mortaliteitsyfers en wanvoeding.


3.2.6 Mortaliteit

Die mortaliteitsyfer word bereken deur die aantal kinders wat sterf voordat hulle die ouderdom van een jaar bereik. Die syfer word uitgedruk per 1000 lewende geboortes. Een uit elke sewe kinders wat in die platteland gebore word, sterf voordat hulle die ouderdom van vyf jaar bereik. Statistiese opnames deur die Mediese Navorsingsraad het aangedui dat die kindermortaliteitsyfer in Suid-Afrika 86 per 1000 lewende geboortes vir swartbevolking in stede beloop en 94 in die platteland (MRC, 2001).

3.2.7 Wanvoeding

Wanvoeding is nie slegs die tekort aan voedsel nie. Dit is 'n komplekse uitkomst van interverwante sosiale-, ekonomiese-, politieke- en ander prosesse (Uys, 1997:5). Waar wanvoeding nie dood tot gevolg het nie, het dit 'n groot impak op lewenskwaliteit.

Figuur 3.7: Verswakte toestande gee aanleiding tot groter armoede




Bron: Drimie, 2002.

Daar bestaan 'n definitiewe en welbekende korrelasie tussen wanvoeding en armoede. Weerstand teen infeksies word verminder in verhouding tot die mate van wanvoeding. Vertraagde groei en 'n lae liggaamsmassa is hoofsaaklik die gevolg hiervan, dit het 'n verdere verlaging in immuniteit tot gevolg. Figuur 3.8 dui die persentasie wanvoeding onder kinders in Suid-Afrika aan. Die afleiding kan dus gemaak word dat behoeftige kinders oor die algemeen slegte gesondheid beleef.

Die intensiteit van wanvoeding verhoog die risiko van dood. Voedselinname en siektes is onmiddellike oorsake van wanvoeding en daarom kan die afleiding gemaak word dat armoede 'n basiese oorsaak van wanvoeding is.

Figuur 3.8: Antropometriese data deur die *African Nutritional Database Initiative*



Bron: Earth trends, 1995.


Wanvoeding het ook 'n geestelike implikasie. Wilson & Rampele (1989:175-176) meen dat kinders uit 'n benadeelde agtergrond, wat vir hul eerste vyf jaar in 'n verrykende omgewing geplaas is, beter skoolprestasie toon, 'n goeie selfbeeld het en sosiaal goed aangepas is.

'n Gesonde dieet tydens die vroeë kinderontwikkelingsfase berei kinders beter voor vir formele onderrig. Sulke kinders toon groter sukses, mindere mate van vroeë skoolverlating en minder botsings met die gereg na skoolverlating en is ook minder afhanklik van versorging in hulle volwasse lewe (Landsberg, 2003:15). Die menslike brein ontwikkel die meeste tussen die ouderdom van 0 tot 3 jaar (Doran, 1994). Dit is dus belangrik dat die brein gedurende hierdie tydperk die regte voedsel en stimulering ontvang. Lae fisiese ontwikkeling kan 'n kind se verdere ontwikkeling vertraag.

3.2.8 Gesondheidsorg

Gesondheidsorg is 'n bepaler van gesondheid. Die grootste tekort aan lewensbelangrike hulpbronne is dié van medikasie. Inisiatiewe in gesondheidsorg sluit die ontwikkeling van distrikgesondheidsisteme, bou en opgradering van klinieke, herverspreiding van finansiële bronne en gratis gesondheidsorg in. Die tekort aan opgeleide persone tesame met die tekort aan mediese dokters kan aanleiding gee tot prysverhogings in mediese dienste. Gesondheidsorg word gedefinieer as die lewering van mediese dienste deur spesialisverskaffers soos vroedvroue, mediese dokters, verpleegsters, gesondheidstehuse of mediese-assistente. Mediese dienste sluit voorkomende sorg, diagnosering, immunisering, chirurgie asook bystand tydens geboorte in.

Figuur 3.9: Omvang (per 100 000 van die populasie) van sekere siektes in Suid-Afrika en die Noordwes-provinsie



Bron: Tlhadi et al, 2002 (Saamgestel deur navorser)

Volgens die RDP-verslag (1996) kom Tuberkulose meer gereeld in plattelandse gebiede voor, veral onder behoeftige kinders. Daar bestaan 'n noue verband tussen sekere gemeenskaplike siektes soos byvoorbeeld Tuberkulose en MIV/VIGS. Tuberkulose word erken as 'n algemene infeksie by mense wat MIV positief is.

Masels, Malaria, Virale Hepatitis, Ingewandskoors, Cholera, Akute Respiratoriese- en Diaree-infeksies vereis primêre gesondheidsorg. Verbeterde lewensomstandighede kan hierdie siektes grootliks voorkom. Figuur 3.9 dui die omvang van hierdie siektes in die Noordwes-provinsie, asook vir die res van Suid-Afrika, aan.


Die Departement van Gesondheid het sekere programme soos byvoorbeeld die *Committee of Inquiry into a National Health Insurance System* wat poog om ongelyke verspreiding van gesondheidspersoneel tussen provinsies en landelike/stedelike areas reg te stel. Daar bestaan egter 'n probleem om te beweeg van beleid- en programontwikkeling na implementering, gedeeltelik as gevolg van onvoldoende bestuurskapasiteit maar ook as gevolg van strukturele hindernisse soos finansies (Tlhadi et al, 2002,2).

Omgewingsfaktore wat bydra tot 'n groter risiko vir infeksie is:

- blootstelling in 'n relatiewe klein, swak geventileerde area;
- oorbevolking in Subekonomiese behuising;
- hersirkulering van besoedelde lug bv. In vliegtuie; en
- hoë prevalensie van infeksies in die gemeenskap.

Die Suid-Afrikaanse regering poog sedert 1994 om universele toegang tot gesondheidsorg daar te stel, met die fokus op voorkoming eerder as genesing. Die voorsiening van gratis mediese sorg soos byvoorbeeld vir swanger vroue en kinders onder ses jaar, het 'n groot impak op die vermindering van armoede. Figuur 3.10 dui die persentasie beskikbare klinieke per provinsie wat elke dag van die week 'n diens aan die gemeenskap lewer aan. Die Noordwes-provinsie het 'n duidelike afname in 2003 getoon.

Figuur 3.10 Persentasie klinieke in die Noordwes-provinsie



Bron: Anon, 2003 E (Saamgestel deur navorser).


3.2.9 MIV/VIGS

Armoede, MIV/VIGS en misdaad word as die grootste maatskaplike probleme in Suid-Afrika bestempel (Strydom et al, 2003:22).

Mobiliteit, migrasie en verstedeliking verhoog die risiko om met MIV/VIGS geïnfekteerde persone in aanraking te kom. Alhoewel daar in elke provinsie 'n provinsiale MIV/VIGS program bestaan, is daar 'n algehele wanverspreiding van opgeleide personeel.

Suid-Afrika het 'n vinnig groeiende VIGS-epidemie. Sedert 1990 het die Departement van Gesondheid 'n reeks anonieme opnames onder vroue wat nageboorte klinieke in die land besoek, gedoen. Die diagnosering van MIV/Vigs het sedertdien 'n deurlopende styging getoon soos aangedui in figuur 3.11 (Stannard, 2001).


Figuur 3.11: Landwye toename in MIV/Vigs onder vroue



Bron: Stannard, L. 2001

Gedurende 2000 was ongeveer 23% van die swanger vroue woonagtig in die Noordwes-provinsie gediagnoseer met MIV/VIGS. Figuur 3.12 dui die MIV-positiewe status van swanger vroue in Suid-Afrika per provinsie aan. Die toename van hierdie siekte plaas geweldige druk op gesondheidsorg.

Figuur 3.12: Voorkoms van HIV by swanger vroue per provinsie in Suid-Afrika



Bron: Stannard, L. 2001

Die tekort aan toepaslike gesondheidsbevorderingsentrums, tuisgebaseerde programme en tehuise vir geïnfekteerde persone in landelike gebiede skep verdere probleme. Diensverwante programme is in stedelike gebiede gekonsentreer maar daar bestaan erge landelike/stedelike ongelykhede. Statistiek dui aan dat die MIV/VIGS-pandemie veral onder jonger behoeftige swartpersone voorkom (Stannard, L.2001).

In die verlede is bespiegel oor die verband tussen armoede en MIV/VIGS. Armoede speel wel 'n rol in MIV/VIGS en daar word selfs na MIV/VIGS verwys as "n siekte van armoede" (De la Rey et al, 2002). MIV/VIGS het 'n geweldige impak op die arbeidsmag. Jongmense in hul mees produktiewe jare word deur die pandemie geraak.

3.2.10 Welsyn en sosiale sekuriteit

Welsyn en sekuriteit vorm 'n integrale deel van die regering se strategie op die vermindering van armoede. Sosiale sekuriteit verwys na 'n veiligheidsprogram wat verseker dat mense voldoende ekonomiese- en sosialebeskerming tydens werkloosheid, swak gesondheid of ongeskiktheid geniet. Ongeveer 90% van die huidige welsynsbegroting is geallokeer vir sosiale sekuriteit in die vorm van ouderdoms-/ongeskiktheidspensioen, kinder- /familie voordele vir die verligting van armoede (Tlhadi et al, 2002).

Die *October Households Survey* (Orkin, 1998) het bepaal dat ongeveer 5% van alle huishoudings in die Noordwes-provinsie in die verlede 'n slagoffer van 'n tipe misdaad was. Die uitdaging bestaan gevolglik daarin om ontwikkelingsinisiatiewe sodanig te beplan dat dit uitvoerbaar is en op 'n volhoubare manier in die behoeftes van die gemeenskap voorsien.

Die Witskrif op Sosiale Welsyn beklemtoon die skuif in die rigting van ontwikkeling in sosiale welsyn. Dit beklemtoon hulp aan persone om sodoende selfstandig en selfvoorsienend te raak. Daar is ongeveer 185 welsynsorganisasies in die Noordwes-provinsie wat oneweredig versprei word tussen die verskillende gemeenskappe.

Die *A re Ageng* verslag dui 'n groot toename in toeganklikheid tot sosiale dienste aan, gevolglik plaas dit ook 'n groter werkklas op sosiale werkers (Tlhadi et al, 2002).

3.2.11 Oorbevolking


Oorbevolking verwys na enige situasie waarin 'n populasie die dra-kapasiteit van sy ekologiese nis oorskry. Die term "oorbevolking" verwys na die aantal mense of diere in vergelyking met beskikbare hulpbronne soos byvoorbeeld skoon water, hitte, bewerkbare grond, ensovoorts, wat noodsaaklik vir oorlewing is.

Kenmerke van oorbevolking is:

- Hoë geboortesyfers;
- Lae lewensverwagting;
- Lae opvoedingspeil;
- Hoë werkloosheidsyfer wat lei tot sosiale probleme;
- Swak dieet met dieetverwante siektes;
- Mense wat leef in onhigiëniese toestande;
- Hoë misdaadsyfers, diefstal vir oorlewing;
- Mense vasgevang in 'n armoedesiklus

Na beraming bestaan die Suid-Afrikaanse populasie uit ongeveer 40,6 miljoen mense (Statistiek Suid-Afrika, 1998). Die Noordwes-provinsie het 'n populasie van 3,4 miljoen mense wat ongeveer 8.3% van die totale Suid-Afrikaanse populasie uitmaak (sien figuur 3.13). Die Noordwes-provinsie het sedert 1996 'n jaarlikse toename in populasie getoon.

Figuur 3.13: Populasie van Suid-Afrika per provinsie




Bron: Tlhadi et al, 2002

In die Noordwes-provinsie woon ongeveer 65,1% van die bevolking in die platteland. Daar is egter verhoogde migrasie na stedelike gebiede wat hoofsaaklik toegeskryf word aan afnemende werksgeleenthede in die landbousektor (Statistiek SA, 1998).

Die Suid-Afrikaanse populasie bestaan hoofsaaklik uit swartmense en hulle maak ongeveer 76,7% van die totale populasie uit. Die populasie in die Noordwes-provinsie is soos volg saamgestel:

- 91,2% Swartmense,
- 6,6% Blankes,
- 1,4% Kleurlinge, en
- 0,3% Indiërs.

Figuur 3.14: Samestelling van populasie volgens ras in elke provinsie in Suid-Afrika



Bron: Statistiek Suid-Afrika, 1998

Volgens die huidige demografiese tendense (Stone, 2002) sal die wêreldbevolking aanhou groei tot ongeveer nege miljard persone teen 2050. Die ekosisteem het 'n beperkte vermoë om menslike aktiwiteite te absorbeer. Ons staan ernstige uitdagings wat die beskikbaarheid van voedsel en skoon water aanbetref, in die gesig.

Thomas Malthus meen dat indien onbeperk toegelaat die populasie steeds sal toeneem totdat daar te veel persone is wat deur voedsel op beskikbare landbougrond gekweek, gevoed moet word.

3.2.13 Huisvesting

Haweloosheid is die situasie waar 'n persoon nie oor 'n permanente woonplek beskik nie. Hierdie probleem kom veral in arm gedeeltes van groot stede voor. Werkloosheid kan ook aanleiding gee tot haweloosheid wat dwelmverslawing, alkoholisme of swakker verstandelike vermoëns tot gevolg het.

In die landbousektor verskaf die meerderheid werkgewers behuising aan werknemers aangesien plase afgeleë of ver van ander informele nedersettings geleë is.

3.2.13 Onderwys en opleiding

Onderwys hervorming is sedert 1994 gerig op die daarstelling van gelyke, effektiewe en kwalitatiewe onderrig.

Landsberg (2003;15) identifiseer vier (4) areas van opvoeding en opleiding:

- Vroeë kinderjare-ontwikkeling (ECD);
- Kinderjare van vrye en verpligtende skoling;
- Basiese volwasse opvoeding en opleiding (ABET);
- Verdere beroepsvoorsiening vir voorheen benadeelde volwassenes.

Volgens Viljoen (2003:49) het Suid-Afrika 'n goeie rekord skoolinskrywings, maar 'n swak rekord vir skoolbywoning, herhaling en slaagsyfers. Hy meen dat jongmense 'n geneigdheid toon om ten spyte van swak prestasie op skool aan te bly, aangesien die plaaslike werkloosheidsyfers hoog is.


In enige gemeenskap word vier tipes opvoeding- en opleidingsbehoefte onderskei (Prinsloo, 2003):

- Die behoefte aan basiese lewensvaardighede soos byvoorbeeld gesondheid, higiëne, kommunikasie en geletterdheid.
- Die behoefte aan organisatoriese- en bestuursvaardighede wat mense in staat stel om eie ontwikkeling te beheer.
- Die behoefte aan tegniese vaardighede wat kan lei tot werksgeleenthede en inkomstegenerering.
- Die behoefte aan besigheids- en enterpeneursopleiding.

Volgens Prinsloo (2003) word onderwys in arm gemeenskappe in Suid-Afrika verhinder deur die gebrek aan gemeenskapstrukture, vandalisme, negatiewe portuurinvloede, swak ingesteldheid teenoor skoolwerk en konflik oor die verskil in waardes wat in skole en huise gehandhaaf word.

Die grootste behoefte wat aangespreek moet word, is die daarstelling van toereikende opleidingsfasiliteite en opgeleide onderwysers in alle gemeenskappe. Onderwysstandaarde en lewenskwaliteit van Suid-Afrikaners behoort aansienlik te verhoog, sien figuur 3.15.

Figuur 3.15: Opvoedkundige kwalifikasies van persone in die Noordwes-provinsie



Bron: Statistiek Suid-Afrika, 1996 (Saamgestel deur navorser).

Basiese lewensvaardighede is die eerste stap in die bemagtigingsproses. Dit is nodig dat die individu besef wat sy/haar eie vaardighede en beskikbare hulpbronne is, asook hoe om dit optimaal te gebruik. In armoedeverligting word die klem gelê op opvoeding- en opleidingsprojekte wat daarop gerig is om tegnieke en vaardighede te verbeter soos byvoorbeeld houtwerk, naaldwerk en groentetuinverbouing.


3.2.14 Lewenskwaliteit

Lewenskwaliteit kan deur die *Human Development Index (HDI)* gemeet word (Statistiek Suid-Afrika, 1996). HDI meet die oorhoofse prestasie van 'n land in drie dimensies van menslike ontwikkeling, naamlik:

- Lewensverwagting;
- Kennis (opvoedingspeil), en
- Lewenstandaard.

Figuur 3.16 dui die HDI meting vir Suid-Afrika per provinsie aan. Gradering word gedoen tussen die telling 0 en 1.

Figuur 3.16: HDI inligting vir Suid-Afrika per provinsie



Bron: Statistiek Suid-Afrika, 1996.

Die direkte verband tussen die impak van armoede en volhoubare ontwikkeling word beklemtoon (Fuggle en Rabie, 1992). Lewenskwaliteit moet eers standariseer alvorens daar op volhoubare ontwikkeling gefokus word

3.3 VOLHOUBARE ONTWIKKELING


Volhoubare ontwikkeling (Uys, 1997) word gedefiniër as dié ontwikkeling wat persone in staat stel om in hul eie behoeftes sonder die tussenkoming van die vermoëns van toekomstige generasies te voorsien. Volhoubare ontwikkeling sluit sosiale- en ekonomiese dimensies van ontwikkeling in. Sekere faktore bedreig volhoubare omgewingsontwikkeling in arm gemeenskappe.

Volhoubaarheid is 'n ekonomiese-, sosiale- en ekologiese konsep en dit het ten doel om die mens en omgewing te bemagtig sodat daar in hul eie behoeftes voorsien word, potensiaal te ontwikkel en om in die toekoms volhoubaarheid te handhaaf.

Intensiewe vraag na grond, water en ander hulpbronne lei tot verhoogde aftakeling van die natuurlike ekosisteme en ander lewensondersteunende sisteme. Beskerming van die natuurlike omgewing en die bevordering van volhoubare gebruik is belangrik om oorlewing en algemene welstand te verseker. Volhoubare ontwikkeling is 'n manier van leef, werk en die moontlikheid om 'n gesonde- en vervulde lewe te kan lei sonder om die omgewing in gevaar te stel. In die verlede is wyd oor die presiese betekenis van volhoubare ontwikkeling gedebatteer. Sommige mense verwerp die term "*volhoubare ontwikkeling*" en verwys eerder na "*volhoubaarheid*".

Gedurende die laat tagtigs is die konsep "volhoubare ontwikkeling" in die omgewingsdebat bekendgestel (du Plessis, 2002). Volhoubare ontwikkeling is 'n uitdrukking van die interafhanklikheid tussen die drie sisteme aangewys as basis vir ontwikkeling naamlik ekonomiese-, sosiale- en biofisiese sisteme. Figuur 3.17 dui die interafhanklikheid van die drie sisteme aan. Al drie sisteme is in wisselwerking met mekaar.


Figuur 3.17: Die interafhanklikheidsmodel



Bron: du Plessis, 2002.

Die mees algemene verduideliking van volhoubare ontwikkeling, word geïllustreer deur die "drie pilare model" (Sien figuur 3.18). In hierdie diagram word balans deur die "triple bottom line" aangedui. Ware volhoubare ontwikkeling word bereik wanneer die sosiale-, ekonomiese- en biofisiese sisteme in balans is.

Figuur 3.18: Die "drie pilare model" van volhoubare ontwikkeling



Bron: du Plessis, 2002.

Daar bestaan twee verwante denkgroepe oor volhoubare ontwikkeling. Gedurende 1968 het 'n groep Europese ekonome en wetenskaplikes die *Club of Rome* gestig. Hierdie denkgroep is van mening dat mense besig is om natuurlike hulpbronne uit te put. Hierdie groep fokus op populasiegroei en –beheer en nie op die vertraging in ekonomiese ontwikkeling nie.

Die tweede denkgroep fokus op die daarstelling van omgewingstandaarde en –versterking asook ekonomiese ontwikkeling. Albei die denkgroepe het volhoubaarheid ten doel, naamlik om menslike- en ekosisteenwelstand te behaal en te handhaaf.

Aangesien armoede een van die grootste hindernisse in volhoubare ontwikkeling is, bestaan daar 'n dringende behoefte aan ekonomiese opheffing in plattelandse gebiede. Sommige areas het onproduktief geraak as gevolg van armoede, werkloosheid en stedelike migrasie (Tlhadi et al, 2002).

3.3.1 Volhoubare landbou

Die *Manitoba agriculture, food and rural initiatives programme* is een van die programme wat poog om volhoubaarheid in die landbousektor te verseker (Anon, 2006 E). Volhoubaarheid kan alleenlik bereik word deur die implementering van landboupraktyke wat belangrike behoeftes van die samelewing aanspreek. Praktyke wat 'n bydrae tot volhoubaarheid kan lewer is:

- die daarstelling van 'n gesonde omgewing;
- die produksie van ewigdurende-toenemende voedselvoorraad, en
- 'n ekonomiese lewensvatbare landbou-industrie.

Volhoubare landbou is 'n konsep waarna die industrie voortdurend streef. Volhoubaarheid is belangrik vir ieder en elk aangesien almal afhanklik is van die sukses van die landbousektor en die bewaring van omgewingshulpbronne. Landbou voorsien in een van die belangrikste basiese behoeftes naamlik voedselproduksie. Namate die wêreldpopulasie toeneem, is daar ook 'n toename in die vraag na voedselvoorraad.


Om algehele welstand te bevorder behoort die landbousektor te fokus op:

- Bestuur van grondbronne;
- Bestuur van waterbronne;
- Beskerming van biodiversiteit;
- Volhoubare produksie van lewendehawe;
- Volhoubare gewas produsering;
- Beheer van siektes en plae; en
- Veelvuldige grondgebruik.

3.4 WELSTAND

Welstand is 'n subjektiewe persepsie van balans, harmonie en lewenslustigheid. Volgens Leddy en Pepper is welstand die hoogste vlakke van tevredenheid en 'n gevoel van betrokkenheid. Welstand beteken die handhawing van 'n goeie lewenstandaard, toegang tot spesifieke dienste, voedsel en gesondheid (Sien figuur 3.19).

Figuur 3.19: Komponente van welstand



Bron: du Plessis, 2002.

Welstandsprogramme poog om ongunstige omgewing-, sosiale- en ekonomiese omstandighede, wat in gemeenskappe aanleiding gee tot swak gesondheid en behoefte, te verbeter.

3.5 DIE STAAT EN ONTWIKKELING

Die Staat se grootste uitdaging is om volhoubare infrastruktuur en goeie dienslewering daar te stel. Spesifieke beleidsinisiatiewe is ingestel om in sekere van hierdie behoeftes te voorsien, naamlik:

- Witskrif op omgewing, -behuising, watervoorsiening en sanitasie;
- Besprekingsdokumente op bosbou en biodiversiteit; asook
- Landelike en Stedelike Ontwikkelingsraamwerke.

Beleid en struktuur kan bydra tot die verligting van armoede afhangend van die mate waarin dit daarin slaag om:

- menslike ontwikkeling te bevorder deur die verbetering van gezondheidstatus, voedkundigestatus en opvoedingspeil en;
- volhoubaar in terme van finansiële, institusionele en menslike kapasiteit op te tree.

3.6 LANDBOU EN ONTWIKKELING


Landbou-ontwikkeling word beskryf as 'n proses waardeur mense in staat gestel word om ekonomiese en sosiale ontwikkeling in die landbousektor te kontroleer en te bestuur (de Beer, 2003).

Die landbousektor beskik oor minstens drie noodsaaklike funksies vir ekonomiese ontwikkeling:

- Landbouproduksie bied die fisiese goedere/voedsel. Aangesien voedsel die grootste gedeelte van marginale uitgawes onder lae inkomstegroepe uitmaak, bied boerdery die fisiese voedsel om te kan oorleef.
- Landbouproduksie bied addisionele inkomste wat gebruik word om te spandeer op nie-landbou kommoditeite.
- Toenemende landbouproduksie genereer indiensnemings en inkomste.

Armoede is 'n probleem met baie fasette en daarom is 'n enkelvoudige ekonomiese oplossing van werkskepping en minimumloon nie 'n voldoende antwoord nie (De Beer, 2003:19). Figuur 3.20 dui 'n proses vir die verligting van armoede aan.

Figuur 3.20: Proseses van armoedeverligting



Bron: Islam, 2004:17

Die generering van inkomste en skepping van werksgeleenthede in Suid-Afrika geniet hoë prioriteit in ontwikkelingstrategieë. Die globale rol van landbou in so 'n strategie word egter selde goed verstaan. Die landbousektor bly die grootste werkverskaffer in Suid-Afrika, aangesien hierdie sektor werk bied aan sowat 750 000 mense (Esterhuizen, 2005). 'n Daling van net 5% in indiensneming kan tot 40 000 plaaswerkers sonder 'n heenkome laat.

Landman, politieke en sosiaal-ekonomiese ontleder, het in Landbouweekblad se vooruitskouingskonferensie in Pretoria gesê dat die landbousektor tot 3% van die bruto binnelandse produk (BBP) bydra. Die landbousektor verskaf werksgeleenthede aan 9% van die land se populasie (Anon, 2005:2). Indien die landbousektor met die mynbousektor (wat omtrent 7% tot die BBP bydra en aan 3.5% mense werk verskaf) en die vervaardigingssektor (wat ses keer groter is as die landbousektor, maar net 13% van die land se mense in diens het) vergelyk word, beteken dit die landbousektor aan te veel mense werk verskaf. Die prys van landbouprodukte het met 6.8% gedaal. Netto boerderyinkomste het afgeneem met 14.2%. Dieselpriese het met 9.4% toegeneem. Landbouskuld het met 7.7% gegroei en boere se kontantvloei het met 12% afgeneem. Ten einde ekonomies te kan oorleef, sal uitgawes van die landbousektor drasties moet verlaag.

3.7 GEVOLGTREKKING

Die regering, gemeenskap, landbou- en sakesektor moet saamwerk om die probleem van armoede uit die weg te ruim. Een moontlike langtermyn-oplossing is beter onderrig en opvoeding vir jonger kinders. Sodoende kan die armoedesiklus verbreek word. Oueropleiding, voorskoolse onderrigsentra, werkverskaffing en opleiding behoort meer aandag te geniet (Landsberg, 2003: 16).

Dit is belangrik om werksgeleenthede in verband te bring met entrepreneur-ontwikkeling aangesien daar reeds bewys is dat so 'n benadering 'n betekenisvolle bydrae tot werkskepping en die generering van inkomste lewer. Landbou-ontwikkeling is 'n voorvereiste vir om deurgaans 'n bydrae tot volhoubare ontwikkeling te kan maak.

Die koppeling van menslike en ekonomiese ontwikkeling is waarskynlik die mees uitdagendste taak vir die Suid-Afrikaanse regering.

Die platteland het 'n groot behoefte aan hulpbronne soos gesondheidsdienste, onderwysgeriewe, sosiale- en ontspanningsfasiliteite en opgeleide arbeidsmag (Wilson & Rampele, 1989:173). Armoede is 'n ernstige bedreiging vir stabiliteit en 'n struikelblok vir verdere sosiale- en ekonomiese ontwikkeling.

Suid-Afrika ervaar die afgelope aantal jare al groter verstedeliking, maar werkgeleenthede word nie dienoreenkomstig in die nywerheid en diensesektore geskep nie (Jooste, 2006). Hierdie soort situasie lei tot verhoogde armoede en maatskaplik-ekonomiese probleme lei. Probleme soos verhoogde bevolkingsverdigting gee op sy beurt aanleiding tot swak dienslewering ten opsigte van water en elektrisiteit, meer besoedeling en misdaad. Die nadele van verstedeliking kan omgekeer word deur 'n groter belegging in die landbou en 'n verhoging van produktiwiteit.

Willemse (2006) meen dat beleidmakers die rol van landbou en mynbou in die platteland (waar die meeste arm mense woon) te gering ag. Die landbou is een van die min sektore wat die ekonomie op die platteland kan lig tot 'n nuwe vlak van groei, werkskepping en armoedeverligting. Volgens Willemse (2006) sal 'n landbouvriendelike beleid meer daartoe bydra om die plattelandse ekonomie te laat groei en die doelwit van armoedeverligting bevorder as die huidige benadering wat meer op stedelike groei en diensesektore toegespits is. Die huidige beleid ignoreer ook die feit dat 'n groot deel van die land se arbeidsmag betreklik ongeskoold is en nie geskik is vir werk in die hoëtegnologiedienste nie.

Nog 'n kenner, professor Michael Lipton (Willemse, 2006) van Sussex Universiteit in Brittanje, het daarop gewys dat die verligting van armoede by die landbou moet begin. Hy het bevind dat Afrikalande toenemend die landbousektor afskeep en 'n skamele 2% van hul begrotings aan die landbou bestee. Verder is die produktiwiteit van plaaswerkers besig om drasties te daal. Lipton waarsku dat die landbou nie as 'n soort "welsynstelsel" vir die armes gesien moet word nie, maar as 'n sektor van die ekonomie wat kan groei en werkgeleenthede kan verskaf.

Jooste (2006) is van mening dat die gevolge van dalende produksie op die platteland en die toename van armoede nie genoegsaam deel uitmaak van die nasionale debat nie. 'n Groot deel van Suid-Afrika se bevolking leef nog in armoede. Die meeste van die arm mense woon op die platteland. Werkloosheid word op 30 % tot 40 % van die bevolking geskat. Die Regering fokus egter op die stedelike gebiede en die groei van die moderne ekonomie.

As die Regering 'n beleid volg wat gemik is op die ontwikkeling van die landbou, met die klem op groei en indiensname en armoedeverligting in die platteland, kan dit beslis tot die voordeel van almal wees in die platteland - ook vir elke kommersiële boer.

Biobrandstof en die landbou se betrokkenheid as verskaffer van die grondstof is 'n bydrae van die landbousektor tot moontlike groei in die land se ekonomie en werkskepping. Die landbou se regstreekse bydrae tot die ekonomie neem af namate 'n ekonomie groei. Daarby groei die landbou stadiger namate beleggings na nywerhede en dienstesektore gekanaliseer word as gevolg van onder meer verstedeliking.

In hoofstuk een, twee en drie is 'n teoretiese raamwerk daargestel om relevante inligting in die empiriese navorsing te ondersoek. Vervolgens word die vernaamste bevindinge, wat uit die vraelyste voortspruit, ontleed en bespreek.

HOOFTUK VIER

HOOFSTUK 4

DIE NAVORSINGSONTWERP EN DIE ONTLEDING ASOOK BESPREKING VAN DIE VERNAAMSTE NAVORSINGSBEVINDINGE

4.1 INLEIDING

Gedagtig aan die probleemstelling en doel van die navorsing soos in hoofstuk een uiteengesit, is daar verskillende aspekte van die navorsing in hoofstukke twee en drie bespreek.

In hoofstuk twee is die verskillende benaderings van armoede aan die hand van relevante vakkundige literatuur beskryf. Oplossings vir die armoedeprobleem behoort transdissiplinêr gesoek te word en daarom gee die Algemene Sisteemteorie goeie verklaring vir hierdie navorsing. Armoede is 'n probleem met baie fasette en in hoofstuk drie word die sosio-ekonomiese impak van 'n minimumloon volledig bespreek.

'n Empiriese ondersoek is nodig om hierdie navorsing betekenisvol te maak en in hierdie hoofstuk word die vernaamste bevindinge ontleed en bespreek.

4.2 NAVORSINGSONTWERP

4.2.1 Navorsingsmetode

Die opnameprosedure is in hierdie studie gebruik. Die literatuurstudie is aangevul en ondersteun deur 'n empiriese ondersoek waarin vraelyste as opnamemetode gebruik is. Die vraelyste is in samewerking met die werkskomitee van Agri-Noordwes, Lichtenburg opgestel. Agri-Noordwes is die amptelike spreekbuis vir georganiseerde landbou in die Noordwes-provinsie. Die primêre doel van hierdie vraelys is om te bepaal wat die impak van 'n minimumloon- en sektorale vasstelling (volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet no. 11 van 2002, Sektorale Vasstelling no. 8, Plaaswerkersektor in Suid-Afrika) op die landbousektor in die Noordwes-provinsie is.

4.2.2 Die steekproef

Die teikenpopulasie bestaan uit die totale aantal boere wat geaffilieerde lede van Agri Noordwes is. Adresse van hierdie lede is verkry vanaf Agri-Noordwes se hoofkantoor. 'n Seleksie is uit die teikenpopulasie aan die hand van 'n steekproef gedoen. Die lede van Agri-Noordwes is verteenwoordigend van die landbougemeenskap in die Noordwes-provinsie.

'n Sistematiese, ewekansige steekproef is vir die doel van hierdie studie gebruik. Die teikenpopulasie is genommer van 1 tot 1875 soos bekom uit die lys van adresse wat beskikbaar gestel is. Die Statistiese Konsultasiedienste het bepaal dat dit nodig is om 416 vraelyste uit te stuur ten einde 'n verteenwoordigende steekproef te verkry. Die verteenwoordigende steekproefinterval ($1875/416=4.5$) is bepaal. Die respondente is gekies deur elke vierde en dan elke vyfde lid te selekteer. Die teikenpopulasie is versprei in 25 distriklandbou-unies en verder verdeel in 86 kleiner boereverenigings met die genoemde ledetal van 1875 potensiële respondente waaruit 'n seleksie van 416 respondente getrek is. Elke streek asook boerevereniging is in die steekproef verteenwoordig. Die eerste respondent op die adreslys is volgens 'n kansgetal, deur statistiese konsultasiedienste, bepaal. Nommer 43 is geselekteer as eerste respondent en daarna is elke daaropvolgende vierde en dan weer elke vyfde respondent in die steekproef ingesluit. Vierhonderd en sestig vraelyste is uitgestuur waarvan 108 (25,96%) terug ontvang is.

Alle inligting voortspruitend uit die vraelyste word streng vertroulik hanteer as gevolg van die sensitiewe aard van arbeidswetgewing en die implikasies daarvan vir die landbousektor. Daar is met Agri-Noordwes ooreengekom dat hulle volle toegang tot die verkreeë resultate sal hê. Die vraelys (sien bylaag A) is saamgestel na bestudering van toepaslike verwante en aanbevole literatuur. Die vraelys is verfyn en ontfout in samewerking met die Statistiese Konsultasiedienste. Hierna is die vraelys gepos aan elke respondent in die steekproef ingesluit.

4.2.3 Ontledingstegniek

Empiriese bevindinge vanuit die vraelyste verkry is in oorleg met die Statistiese Konsultasiedienste van die Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit onder leiding van Prof. Faans Steyn ontleed. Statistiese verwerkings sluit data in die vorm van frekwensietabelle, kumulatiewe frekwensietabelle en tweerigtingtabelle in.

“Oop vrae” is ook in die vraelys ingesluit. Respondente kan in hierdie “oop vrae” hul eie menings gee. Hierdie tipe vrae is meer buigbaar en onverwagte response kan moontlik nuwe hipoteses na vore bring of verwantskappe uitlig. Response op “oop vrae” word ook in hierdie hoofstuk weergegee.

4.2.4 Bespreking van vernaamste bevindinge

Die bevindinge word in die volgorde van vrae soos in die vraelys vervat, uiteengesit. In die geval waar vrae oor dieselfde onderwerp handel word dit saam geïnterpreteer.

Die vraelys bestaan uit drie afdelings. Respondente was veronderstel om elke afdeling te voltooi.

Afdeling A bevat biografiese inligting wat nodig is om 'n geheelbeeld van die ondersoekgroep te kry. Afdeling B handel oor arbeidswetgewing en reflekteer ook die houdings van respondente. Afdeling C reflekteer die sosio-ekonomiese omstandighede van die werknemers in die Noordwes-provinsie se landbousektor.

In hierdie hoofstuk word ook 'n vergelyking getref met tendense uit soortgelyke empiriese navorsing deur Botha (1992), Linde (1997), Linde (2001) en du Plessis (2001). Dit het ten doel om aan te dui in watter mate daar in die afgelope dekade verandering ten opsigte van arbeidsverhoudinge en ander landbouverwante sake in die Noordwes-provinsie plaasgevind het.


AFDELING A

Biografiese inligting (Vrae 1-5)

Uit die 108 respondente is daar 45 (41,67%) wat vyftig jaar en ouer is. Dit dui daarop dat die populasie hoofsaaklik bestaan uit gevestigde, ouer persone. Linde (2001:230) het bevind dat 51,24% van die populasie vyftig jaar en ouer is, daar is dus 'n daadwerklike afname van 9,57% in ouer gevestigde boere (Sien figuur 4.1).

Daar is geen respondente jonger as 20 jaar nie. Linde (2001:230) het reeds bevind dat daar geen boere onder die ouderdom van 20 jaar is nie. Dit blyk hieruit dat potensiële jong boere 'n ander heenkome as die landbousektor soek. Hierdie is 'n kommerwekkende tendens aangesien daar niemand is wat die "verouderde geslag" boere se plek kan inneem nie.

Figuur 4.1: Afname in aantal gevestigde boere




Bron: Saamgestel deur navorser uit resultate

Die meerderheid respondente (47,22%) is 16 jaar of langer werksaam in die landboubedryf, terwyl daar slegs 1,87% respondente die afgelope jaar tot die landbousektor toegetree het. Gedurende 2001 (Linde, 2001:231) was daar 68,16% respondente wat 16 jaar en langer in die landboubedryf werksaam was. Hierdie studie toon die duidelike afname in die persentasie ervare boere.

Figuur 4.2 dui die verskillende tipes boerdery-aktiwiteite vir die Noordwes-provinsie aan. Gemengde boerdery is kenmerkend en die mees algemene aktiwiteit in die Noordwes-provinsie. Linde (2001:232) het bepaal dat gemengde boerdery ongeveer 69% van die totale sektor uitmaak terwyl dit vanjaar slegs 26,85% uitmaak.

Figuur 4.2: Verdeling van tipe boerdery-aktiwiteite




Bron: Saamgestel deur navorser uit resultate

In vraag 4, 14 en 15 het respondente aangedui dat daar 'n drastiese afname in permanente arbeid is. Vergelykende navorsing van Botha (1992) en Linde (2001) stem hiermee ooreen. In hoofstuk 2 is die invloed van 'n minimumloonvasstelling en werkloosheid bespreek. Boere is besig om hulle arbeidsmag te verminder en dit word ondersteun deur hierdie resultate (Sien figuur 4.3).

Mnr. Lourie Bosman, voorsitter van Agri SA, het gemeen dat vanjaar se loonverhoging ondeurdag is en 'n baie groot terugslag vir die landbousektor tot gevolg gaan hê. Hy meen dat die skerp verhoging in arbeidskoste nie geabsorbeer kan word nie (Norval, 2006) en word dit deur hierdie bevindinge bevestig.

Figuur 4.3 : Afname in aantal permanente werknemers.



Bron: Saamgestel deur navorser uit resultate


Op die vraag "Indien wel, hoeveel losarbeiders/oesters of seisoenwerkers werk gemiddeld per jaar op u plaas?" het 43,52% respondente aangedui dat hulle geensins van hierdie tipe arbeid gebruik maak nie. Die feit dat daar nie vir stuk- of seisoenwerk in wetgewing voorsiening gemaak word nie, maak dit vir boere onmoontlik om arbeid doeltreffend te bestuur en daarom word daar van die minimum arbeid gebruik gemaak.

AFDELING B

Arbeidswetgewing (Vrae 6-13)

In vraag 6 is van respondente verwag om aan te dui of hulle enige probleme met werknemers ondervind sedert die implementering van 'n minimumloon-vasstelling in 2003. Meer as die helfte (55,56%) van die respondente het aangedui dat hulle wel soms probleme ondervind. Slegs 18,52% het aangedui dat hulle glad nie probleme met werknemers ervaar nie en 25,93% het aangetoon dat hulle dikwels probleemsituasies moet hanteer. In figuur 4.4 word 'n vergelyking getref met soortgelyke bevindinge deur Linde (1997:135) en (2001:237).

Figuur 4.4: In watter mate word onenigheid met plaaswerkers ondervind?




Bron: Saamgestel deur navorser uit resultate

Daar is 'n duidelike toename in probleemsituasies met werknemers sedert 1997. Volgens Linde (2001:237) kan die afleiding gemaak word dat dit 'n gevolg van arbeidswetgewing is.

Respondente moes in vraag 7 aandui of arbeidswetgewing toegepaslik is vir die landbousektor. Ongeveer die helfte van die respondte is van mening dat arbeidswetgewing wel toepaslik vir die landbousektor is (Sien figuur 4.5).

Figuur 4.5: Is arbeidswetgewing toepaslik in die landbousektor?



Bron: Saamgestel deur navorser uit resultate

Arbeidswetgewing is noodsaaklik aangesien die landboubedryf arbeidsensitief is (Loggerenberg, 2003).

In vraag 8 kon respondente spesifiseer watter wetgewing in die landbousektor van toepassing is. Die volgende wette het ter sprake gekom:

- Wysigingswet op Basiese Diensvoorwaardes (75 van 1997)
- Wet op Arbeidsverhoudinge (66 van 1995)
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling (97 van 1998)

Arbeid is die grootste koste-item in die landbousektor en 44,44% respondente het aangedui dat hulle wel in staat is om die vasgestelde minimumloon te betaal, terwyl 54,63% aangedui het dat hulle dit nie kan bekostig nie.

Die aanname dat 'n hoër loon produktiwiteit verhoog is ook in die vraelys ingesluit. Slegs 20,37% respondente het aangedui dat hulle wel 'n verhoging in produktiwiteit ervaar het sedert 2003. Linde (2001:250) meen dat die styging in arbeidsproduktiwiteit van werknemers geensins in verhouding is met die geweldige styging in arbeidsvergoeding die afgelope dekade nie.


Die feit dat nuwe intreders soos deur die eerste sektorale vasstelling bepaal, dieselfde loon as ervare werknemers ontvang het geskille tussen werknemers tot gevolg. Die meerderheid respondente (91,67%) het aangedui dat hulle wel konfliktsituasies wat as gevolg hiervan ontstaan, moet hanteer.

Ongeveer twee derdes van respondente het aangedui dat hulle negatief ingestel is teenoor die rol van vakbonde in die landboubedryf (Sien figuur 4.6).

Vergelykende navorsing van Botha (1992), du Plessis (2001), Linde (1997) en Linde (2001) stem ooreen met die negatiewe houding van boere wat ook duidelik uit hierdie navorsing blyk.

Volgens Linde (2001:245) is dit verstaanbaar dat boere negatief teenoor vakbonde in die landbou sal wees, aangesien plaaswerkers van vakbonde sal gebruik maak om te beding vir beter diensvoorwaardes, veral gesien teenoor die agtergrond van 'n ondeurdagte sektorale vasstelling.

Figuur 4.6: Ingestelheid van boere teenoor vakbonde



Bron: Saamgestel deur navorser uit resultate

Myns insiens hou die huidige arbeidswetgewing in die landbousektor nie tred met ekonomiese werklikhede nie. Niemand sal belê in projekte of werkers in diens neem solank die regering 'n klimaat van onsekerheid skep nie.

AFDELING C


Sosio-ekonomiese faktore (Vrae 14-29)

Die minimumloonvasstelling het ten doel om die lewensomstandighede van plaaswerkers te verbeter. Met hierdie navorsing word gepoog om vas te stel in watter mate plaaswerkers se lewensomstandighede verbeter het al dan nie.

Die verligting van armoede en die voorsiening in basiese behoeftes is die primêre doelwit van die regering. Hiersonder sou menslike-ontwikkeling, ekonomiese- en werkverskaffingsdoelwitte verhinder word.

In vraag 14 en 15 het respondente aangedui in watter mate hul arbeidsprofiel verander het sedert die implementering van die minimumloonvasstelling. Ongeveer 62% van die respondente het aangedui dat daar wel 'n verandering in hulle arbeidsprofiel plaasgevind het. Figuur 4.7 dui aan in watter hoedanigheid veranderinge vanaf 2002 tot 2005 plaasgevind het.

Figuur 4.7: Verandering in arbeidsprofiel van 2002 tot 2005




Bron: Saamgestel deur navorsers uit resultate

Uit figuur 4.7 is duidelik dat daar 'n algemene vermindering in plaasarbeid is. Die redes vir arbeidsvermindering is gevra in die vraelys. Dit blyk dat selfontslag/bedanking die grootste rede vir arbeidsvermindering is. Die moontlikheid bestaan dat werknemers na stedelike gebiede migreer waar hoër lone betaal word.

Rasionalisering is ook 'n rede vir arbeidsvermindering (Sien figuur 4.8). Die afleiding kan gemaak word dat die potensiele impak van 'n hoër minimumloon nie behoorlik in ag geneem is voor die implementering van 'n sektorale vasstelling nie.

Styging in water- en grondbelasting en hoër lone kan boere laat besluit op minder arbeidsintensiewe landboubedrywe. Dit het meganisasie en uitkontraktering van werk tot gevolg.

Figuur 4.8: Redes vir arbeidsvermindering



Bron: Saamgestel deur navorser uit resultate


MIV/VIGS het 'n geweldige impak op die arbeidsmag. Jongmense in hul mees produktiewe jare word deur die epidemie geraak. Byna 30% van die respondente het aangedui dat hulle arbeidsmag verminder het as gevolg van gesondheidsredes by plaaswerkers.

Ongeveer 91% van die respondente het aangedui dat hulle ook addisionele voordele in die vorm van voedsel, akkommodasie, klerasie en medikasie aan werknemers voorsien. Soos reeds in hoofstuk 1 bespreek kan armoede nie net aan die finansiële waarde of grootte van 'n minimumloon gemeet word nie. Lone is nie noodwendig 'n maatstaf van inkomste nie. Sommige plaaswerkers verdien tot 30% bykomend in die vorm van voedsel, gesondheidsorg, ens.

